

# Kreasionisme versus Evolusie
## ‘n Saak vir Deïstiese Evolusie

# – ‘n Kommentaar

Alle prentjies vanaf Photobucket waar foto’s vrylik aflaaibaar is

**Kommentaar op Herman Toerien se Kreasionisme versus Evolusie: 'n Saak vir Deïstiese Evolusie**

Die kommentaar is gebaseer op die Acrobat weergawe van die dokument wat verkrygbaar is op http://www.scribd.com/doc/35549523/n-Saak-Vir-Deistise-Evolusie. Alle bladsynommers is soos toegeken deur Adobe Acrobat.

Die kommentaar sal geskied volgens bladsynommers waar die teks aangehaal sal word in **bruin** en die kommentaar op daardie gedeelte onderaan gegee word in swart. Alle gedeeltes in bruin is direk vanuit die oorspronklike dokument of ander geskrifte van mnr Toerien geneem, sonder enige veranderings. Die kommentaarnommers loop opeenvolgend wat kruisverwysing en toekomstige repliek vergemaklik. Die hele dokument van mnr Toerien word nie punt-vir-punt bespreek nie, aangesien dit te veel plek sal opneem en die outeur ook nie kommentaar het op elke enkele sin in die dokument nie. Mnr Toerien het ook tereg gestel op bladsy 3 van die dokument dat dit 'n bundel van artikels en opstelle is en dat daar herhaling sal voorkom. Waar 'n punt die eerste keer voorkom sal dit aangespreek word en daarna sal daar melding gemaak word van herhalings, indien enige.

**Primêre outeur**

Die primêre outeur van hierdie kommentaar is Coert Welman, 'n chemiese ingenieur met 'n lewenslange belangstelling in sterrekunde en later jare meer spesifiek kosmologie wat onbeskaamd die jong aarde skeppingsleer aanhang. Sy geloof was baie wankelend weens verskeie redes waarvan een die klaarblyklike onversoenbaarheid tussen die Bybel en die wetenskap. Sedertdien het sy geloof in die Drie-enige God nuwe dieptes bereik.

Die outeur het ook 'n hekel aan die terme "kreasionisme" en kreasioniste", aangesien dit in dieselfde klas van growwe anglisisme val as woorde soos kontradiksie en adaptasie en dit bloot swak Afrikaans is. Deurentyd sal die terme skeppingsleer (of ook jong aarde skeppingsleer) en skeppingsleerder(s) gebruik word.

Daar word plek-plek in die kommentaar gepraat van hoofstroom skeppingsleer organisasies gepraat. In die outeur se opinie beteken dit (in alfabetiese volgorde):

- Answers in Genesis (AiG) by http://www.answersingenesis.org
- Creation Ministries International (CMI) by http://creation.com
- The Institute for Creation Research (ICR) by http://www.icr.org

Daar is ook ander organisasies, maar hierdie drie organisasies het goeie tegniese fondasies, Bybel-gefokusde beginsels en kom meer gebalanseerd voor as sekere ander organisasies. Die outeur verkies CMI se webwerf, aangesien dit die mees gebruikersvriendelike werf is onder die drie en ook die meeste materiaal bevat.

Hierdie is nie bedoel om 'n wetenskaplike bewysstuk te wees vir die jong aarde skeppingsleer nie, maar bloot kommentaar op 'n bundel deur mnr Toerien. Die rede hoekom daar so baie verwysings na skeppingsleer organisasies toe is en nie na "gewone" wetenskaplike webwerwe toe nie is juis om die growwe wanvoorstellings wat mnr Toerien maak rakende die skeppingsleer reg te stel deur die werklike inligting uit die spreekwoordelike perd se bek te kry.

**Addisionele outeurs**

Daniel Louw het kommentaar gelewer. Hy is ’n chemiese ingenieur met ’n baie groot belangstelling in die skepping/evolusie debat. Sy belangstelling in hierdie onderwerp het baie vergroot in 2007 toe die NG Kerk nie duidelike standpunt wou inneem rondom homoseksualiteit nie omdat hy besef het dat indien ’n mens Genesis 1-11 anders wil interpreteer as wat dit geskryf is, dan is die res van die Bybel ook oop vir interpretasie. Hy is medeskrywer van die boek *Die Trojaanse Perd in die NG Kerk* wat in Desember 2010 vrygestel is.

Addisionele kommentaar is verskaf deur Altus Carstens. Hy is ‘n geordende predikant van die Metodiste Kerk van Suid-Afrika wat die skeppingsleer aanhang. Hy het redelik onlangs die evolusieleer verwerp nadat hy self ‘n voorstaander van deïstiese evolusie was. Hy het ook ‘n LL.B. graad wat hom help om ‘n kritiese opinie oor onderwerpe te gee en om bewyse in argumente te evalueer.

Taalversorging en addisionele kommentaar (veral kommentaar wat moontlike regskwessies aanraak) is gedoen deur Anné Matthews, belydende Christen en lid van die NH Kerk. Sy hang ook die jong aarde skeppingsleer aan en is ‘n toegelate prokureur, Aktevervaardiger en Notaris. Sy het ‘n sterk afkeur in sirkelargumente en persoonlike aanvalle, asook swak taalgebruik en spelfoute. Laasgenoemde is juis die rede hoekom die outeur haar gebruik het vir taalversorging.

# 1. Inleiding

Hierdie kommentaar volg uit debatte wat geheers het op verskeie Media24 webwerwe, maar meer spesifiek Die Volksblad en Beeld s'n vanaf Julie 2010. Die debat het grootliks gevolg op 'n opmerking deur prof Piet Strauss tydens 'n onderhoud met die tydskrif *JUIG!* waar hy gevra is oor die NG Kerk se opinie oor onder andere evolusie. Daar was grotendeels twee kampe in die debat: die wat vír en die wat téén evolusie is. Die kommentators *teen* evolusie was grootliks, maar nie uitsluitlik, aanhangers van die jong aarde skeppingsleer. Die kommentators wat *vir* evolusie geargumenteer het was grotendeels ook self-erkende ateïste (alhoewel agnostici dalk eerder 'n meer korrekte term vir hulle sou wees te oordeel aan hul kommentaar).

Aan die kant van die evolusie aanhangers was ook 'n kommentator of twee wat die sogenaamde deïstiese evolusie aanhang. Prominent onder hulle was mnr Herman Toerien. Op verskeie geleenthede het hy sy bundel *Kreasionisme versus Evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie* bemark op die forum as samevatting van sy standpunte. Dit het die outeur genoodsaak om dit af te laai en te lees om te sien wat mnr Toerien eintlik glo (afgesien van evolusie is reg, weet mens eintlik bitter min van mnr Toerien se standpunte) en ook om te probeer leer waaroor die middeweg se siening handel. Tydens die deurlees van die bundel het dit baie duidelik geword dat daar groot onkunde, asook 'n kolossale weersin van mnr Toerien se kant af heers jeens die jong aarde skeppingsleer. Oor die oorsaak van hierdie afkeur kan lank bespiegel word, maar dit is nie die onderwerp van hierdie kommentaar nie. Die kommentaar volg egter op die feit dat menigte van die stellings en aanvalle wat mnr Toerien maak in sy bundel foutief is en gewis nie onbeantwoord kon bly nie.

Die outeur het werklik gepoog om hierdie kommentaar met die grootste moontlike respek te skryf in die Christelike liefde. Die outeur moet bieg dat dit by tye *werklik* moeilik was en dat hierdie kommentaar oor 'n periode van etlike maande geskryf was, juis om onnodige emosie daaruit te laat. Daar is ook meer as 'n maand toegelaat vir die addisionele kommentators om hulle insette te lewer en vir taalversorging. Hierdie kommentaar is aan mnr Toerien gestuur alvorens dit hier op http://www.glodiebybel.co.za/ geplaas is.

# 2. Kommentaar

### 1. Bladsy 2

"Die indruk kon maklik geskep word iemand het 'n keuse tussen om te glo in kreasionisme en dat die aarde 6 000 jaar oud is, of evolusie en dat hy dan nie 'n Christen kan wees nie. Hierdie indruk word veral deur jong aarde kreasioniste as "die Christelike siening" voorgehou, en in die proses word van die hoofstroomkerke soos die NG Kerk en die NH Kerk (Hervormde Kerk), wat Deïstiese evolusie (Godgedrewe evolusie) amptelik aanvaar in effek buite die Christendom geplaas."

Hierdie stelling is ook menigmaal gemaak op die *Volksblad* se webwerf in kommentaar op artikels, asook in die bundel waarop daar nou kommentaar gelewer word. Die outeur kan nie die amptelike beleid van die NH Kerk in hierdie verband opspoor nie en kan dus

nie daarop kommentaar lewer nie. Die vraag moet egter gevra word: as dit nie op die webwerf van die NH Kerk geplaas is nie, is dit werklik amptelik aanvaar? Die enigste item op die NH Kerk se webwerf wat die soekwoord evolusie bevat wat relevant is tot hierdie onderwerp is die skrywe van prof Piet Geyser wat te vinde is op bladsye 5 tot 7 van mnr Toerien se bundel. In hierdie skrywe word nêrens enige melding gemaak van 'n sinodebesluit oor die kwessie of enige ander besluit nie. Om dus die stelling te maak dat die NH Kerk dit amptelik aanvaar het plaas woorde in die NH Kerk se kollektiewe mond. Dit stem ook saam met dit wat een van die outeur se vriende, wat 'n NH predikant in Pretoria is, hieroor antwoord. Op die vraag of die NH Kerk deïstiese evolusie amptelik aanvaar het, antwoord hy:

> *"Daar is ook nie 'n amptelike besluit binne die kerk nie maar eerder 'n gemeenskaplike indirekte paradigma wat seker die meeste predikante se standpunt akkommodeer."* **– E-pos aan die outeur**

Gemeenskaplike indirekte paradigma en amptelik aanvaar is nie dieselfde ding nie. Selfs al is dit in die praktyk die geval, voor die NH Kerk dit nie op papier sit met 'n amptelike besluit nie, is dit verkeerd om te sê dat dit amptelik aanvaar word.

Die NG Kerk aan die ander kant het *glad nie* deïstiese evolusie as amptelike beleid aanvaar nie. Relevante dele uit die beleidsbrief (persvrystelling gedateer 27 Julie 2010) lees as volg:

> *"As sodanig ondersteun of onderskryf die kerk nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë nie – is hy trouens nie bevoeg om daaroor enige gesaghebbende uitspraak te maak nie."*

en

> *"Wat die kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines dit verder aan ons ontvou."*

Dit is baie duidelik hieruit dat die enigste aspek wat die kerk bely en ook amptelik aanvaar is dat God geskep het. Dit kan afgelei word dat die NG Kerk ook glo dat dit deur God bestuur word, selfs al word dit nie duidelik uitgespel nie. Oor die res het die NG Kerk geen amptelike standpunt, afgesien van verwondering nie. Dit is dus geheel en al onwaar om te sê dat die NG Kerk deïstiese evolusie amptelik aanvaar.

Hierdie verkeerdelike stelling word menige kere gemaak in mnr Toerien se bundel. Dit kom ook onder andere voor op bladsye 27, 40, 51 van die bundel.

### 2. Bladsy 2

"Ter aanvang word gemeld dat onder jong aarde kreasioniste word verstaan hulle wat die letterlike verstaan van die Skeppingsverhale weens blootstelling aan die kwasi-wetenskap van die jong aarde kreasioniste (creationist science) aanhang..."

Watter wetenskaplike gesag het mnr Toerien om dit 'n kwasi-wetenskap te noem? Die betrokke vergelyking word menige kere in die bundel gevind sonder *enige* stawing

daarvan. Dit is dus 'n growwe veralgemening en kan beskou word as 'n *ad hominem* aanval.

Op 'n ander noot, dit is ironies dat mnr Toerien dit wat organisasies soos AiG, ICR en CMI doen kwasi-wetenskap noem, aangesien die deïstiese evolusie wat hy aanhang ook wetenskap is met 'n bonatuurlike voorveronderstelling. Dit is ook per definisie kwasi-wetenskap, aangesien die wetenskappe en spesifiek oorsprongwetenskappe streng materialisties is en geen plek het daarvoor nie.

Mnr Toerien impliseer hiermee dat die Bybel hom uit die wetenskap moet hou. Hy blaas egter hiermee sy hele argument met deïstiese evolusie uit die water as hy van mening is dat geloof en wetenskap uitmekaar gehou moet word. Hy wil dit juis versoen, met deïstiese evolusie. Evolusie soos dit geëvangeliseer word deur mense soos Dawkins en dies meer is lankal nie meer 'n wetenskap nie, maar is verhef tot ideologie.

Evolusie, omdat dit gebaseer is op 'n streng materialistiese voorveronderstelling, wil juis die bestaan van God ignoreer. Wil mnr Toerien swart koffie met melk daarin drink en dit steeds swart koffie noem?

**3. Bladsy 2**

"Omdat die kerke gewoonlik swyg in hierdie "debatte" kan iemand wat nie begelei word nie, maklik die indruk kry dat, om 'n Christen te wees, hy "moet" glo die aarde is 6 000 jaar oud, en indien hy dit nie kan glo nie, moet hy maar aanvaar hy is vir die verdoemenis bestem."

Verkeerd! So iemand is nie verdoem nie en geen van die hoofstroom skeppingsleer organisasies handhaaf daardie beskouing nie. Iemand wat kies om nie skeppingsverhaal in die Bybel te glo nie loop egter 'n baie gevaarlike paadjie deur die kompromisposisie te volg.

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na die volgende skakels wat hierdie punt baie goed illustreer:

- *Is it possible to be a Christian and an evolutionist?* by http://creation.com/is-it-possible-to-be-a-christian-and-an-evolutionist
- *Do I have to believe in a literal creation to be a Christian?* by http://creation.com/do-i-have-to-believe-in-a-literal-creation-to-be-a-christian
- Can Christians believe evolution? by http://creation.com/can-christians-believe-evolution
- http://creation.com/creation-compromises ('n Reeks artikels wat CMI se standpunt teenoor kompromisposisies duidelik ten toon stel)
- *Couldn't God Have Used Evolution?* by http://www.answersingenesis.org/articles/nab/couldnt-god-have-used-evolution
- *God and evolution: do they mix?* by http://creation.com/god-and-evolution-do-they-mix

Dit is ook noemenswaardig dat die opmerking van Mnr. Toerien in direkte kontras staan met sy opmerking hierbo in kommentaar 1 aangehaal. Indien die kerke swyg in hierdie "debatte" en niks amptelik op skrif het nie, hoe staaf Mnr. Toerien sy stelling dat die NG en NH kerke deïstiese evolusie as amptelike beleid aanvaar?

**4. Bladsy 2**

"Dit is enigeen se raaiskoot hoeveel "potensiële Christene" is reeds deur hierdie onverdraagsaamheid, wat sterk aan die Inkwisisie herinner, na die agnostiese wêreld gedryf."

Is dit enigsins waar? Indien wel, het mnr Toerien enige voorbeelde ter stawing hiervan? Dit is 'n onderwerp wat al vantevore opgekom het, maar ook sonder stawende bewyse.

Die teendeel is egter ook waar. Hoeveel mense wat soekend is in hul geloof (genoem potensiële Christene hierbo) of wankelend is in hulle geloof, het die Christenskap prysgegee as gevolg van al die klaarblyklike foute en onwaarhede in die Bybel? Soos heel bo genoem was dit deel van die redes hoekom die outeur se eie geloof wankelrig was. Vir etlike voorbeelde van mense wie se geloof beïnvloed is deur evolusie, kyk na *Hoe evolusie mense se geloof beïnvloed* by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/52-hoe-evolusie-mense-se-geloof-beinvloed.html.

**5. Bladsy 3**

"Deïstiese evolusie bied 'n uitkoms wat nie maar net 'n gemodifiseerde kompromis is tussen wetenskap, godsdiens en regsvereistes soos intelligente ontwerp (intelligent design) probeer wees nie, maar iets wat wetenskaplike en teologies goed begrond is."

Dit is 'n baie sterk stelling om te maak dat deïstiese evolusie wetenskaplik en teologies goed begrond is sonder om *enige* stawing aan te bied vir die stelling. Wetenskapsleer wat gegrond is op materialisme laat geen plek toe vir God nie, dus is dit verkeerd om te sê dat dit wetenskaplik goed begrond is. Die bestaan van God, asook Sy invloed in die natuur is nie wetenskaplik bewysbaar nie.

Teologies is dit 'n moeilike posisie om van te argumenteer. Paulus in sy brief aan die Romeine was baie duidelik daaroor dat die dood die gevolg van die sonde is in Romeine 6:23.

> *"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."*

Vir die aanhanger van deïstiese evolusie is die dood nie alleenlik 'n natuurlike deel van die lewe nie, maar 'n *noodsaaklike* deel van die lewe, aangesien dit 'n kardinale deel uitmaak van Darwinistiese natuurkeuse. As die dood 'n natuurlike deel van die lewe is, kan dit tereg nie die straf vir die sonde wees nie. As dit dan ook nie die finale straf vir die sonde is nie, dan was die kruisdood van Jesus Christus aan die kruis vir die wêreld se sonde onnodig gewees. Die offer van Versoening tussen die mens en God was dan nie nodig nie.

Die verwerping van die sondeval maak Christologie oorbodig. Christus is immers ons Redder. Die vraag is egter: die Redder van wat? As daar nie 'n sondeval was nie, wat is die oorsprong van sonde? Sonde word as baie dinge gedefinieer, maar normaalweg kan dit opgesom word as ongehoorsaamheid aan God. Die vraag is egter, watter God of god? Sonder 'n sondeval, hoe weet ons wat is sonde? Kan ons self besluit wat is sonde of nie?

Die kompromisposisie wat deïstiese evolusie genoem word, erken ook nie die wêreldwye bestek van die Sondvloed nie. Een van die meer populêre opinies oor die vloed is dat dit 'n plaaslike vloed in die Mesopotamië area was en nie wêreldwyd soos in die Bybel verkondig nie. Dit maak egter van God 'n leuenaar wanneer Hy in Genesis 9:11 tot 15 met die mens 'n verbond maak waarin Hy belowe om nooit weer die aarde met 'n soortgelyke vloed te tref nie.

> *"En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie. En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: my boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie."*

Daar het egter sommer in die onlangse geskiedenis 'n menige groot vloede plaasgevind wat miljoene mense dakloos gelaat het en baie duisende laat sterf het. Dink maar aan die Tsunami-vloed van 26 Desember 2004 in Indonesië waar meer as 225 000 mense dood is. As Noag se vloed 'n plaaslike vloed was, maak dit God tot leuenaar.

Die Here het ook in Eksodus 20:11 baie duidelik gestel dat Hy in ses dae geskep het.

> *"Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig."*

Die Here noem dit weer vir Moses in Sy bespreking oor die onderhouding van die wette rakende die Sabbat in Eksodus 31:17 en 18.

> *"Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik."*

Daar is baie debat oor die Vierde Gebod in die Tien Gebooie in Eksodus 20, aangesien die Tien Gebooie in Deuteronomium 5 nie melding maak van die skeppingsdaad nie. Iets wat egter wel in ag geneem moet word is dat Eksodus 31:18 dit duidelik stel dat God self die inskrywings op die kliptafels gedoen het.

> *"En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God."*

Dit word weer genoem in Eksodus 32:15 en 16. Op 'n persoonlike noot wonder die outeur of die Here dit soveel keer herhaal het juis omdat Hy geweet het dat mense dit in die toekoms gaan bevraagteken.

> *"En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand, tafels wat op altwee kante beskrywe was; hulle was op die*

*een en op die ander kant beskrywe. En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer."*

Die Here het dus self vir ons laat weet dat Hy die aarde in ses dae geskape het. Die outeur is nuuskierig om te weet waar die aanhangers van die deïstiese evolusie hierdie ses dae inpas. Of dui 'n behoorlike teologiese begeleiding dat daardie stukke van Eksodus ook geleen is by ander Midde-Oosterse kulture?

Biskop John Spong van die Episkopale Kerk van Amerika wat as biskop sekerlik teologies goed begelei is, gooi ook sy stuiwer in die armbeurs met hierdie juweel:

*"'Charles Darwin … destroyed the primary myth by which we had told the Jesus story for centuries ... That myth suggested that there was a finished creation from which we human beings had fallen into sin, and therefore needed a rescuing divine presence to lift us back to what God had originally created us to be. 'But Charles Darwin says that there was no perfect creation because it is not yet finished. … there was rather a single cell that emerged slowly over 4½ to 5 billion years, into increasing complexity, into increasing consciousness. 'And so the story of Jesus who comes to rescue us from the Fall becomes a nonsensical story. So how can we tell the Jesus story with integrity and with power, against the background of a humanity that is not fallen but is simply unfinished?'"* – http://www.abc.net.au/compass/intervs/spong2001.htm

Per definisie beteken 'n kompromisposisie dat beide kante van die saak iets moes prysgee om by die middeweg te kon kom. Die kompromisposisie kan opgesom word met die volgende stelling: wanneer dit by die oorsprong van alles kom moet ons die wetenskaplikes vertrou en die Bybel aanpas of teologies herinterpreteer. Maar mens moet jouself die vraag dan afvra waar begin die Bybel gesagdraend raak? As voorbeeld, die wetenskappe is baie duidelik daaroor dat dooie mense nie weer lewendig word nie, menslike maagde skenk nie geboorte nie en wonderwerke is geheel en al onwetenskaplik. Beteken dit dat ons as kerk nie meer daarin moet glo nie en per definisie Jesus se hele lewe en gesag ontken? Hy is uit 'n maagd gebore, het Lasarus uit die dood opgewek, is Self uit die dood opgewek en het menige wonderwerke verrig in Sy bediening. As ons dit nie meer glo nie, wat bly dan van ons geloof oor? Dan word die Christendom verlaag tot 'n sosiale klub met 'n enorme klubfooi (tien persent van jou inkomste).

In die Volksblad van 5 Augustus skryf Dr S Pretorius van die NH Kerk Bloemfontein die volgende:

*"Die evolusiegedagte het natuurlik ook die antropologiese wetenskappe geprikkel om tot die debat toe te tree. Hierdie uitspraak is kortom dat, aan die hand van die pedagogiek en opvoedkundige kriteria, die verdierliking van die mens totaal onaanvaarbaar is.*

*Ons sit dus met drie standpunte vanuit drie outonome wetenskappe wat in elk geval nie aan mekaar mag voorskryf nie. Die evolusiegedagte kan nie vanuit 'n opvoedkundige of teologiese perspektief aanvaar of verwerp word nie."*

Mnr Toerien met sy deïstiese evolusie is juis besig om die "evolusiegedagte" vanuit 'n teologiese perspektief te aanvaar. Dalk moet hy 'n bietjie meer gesels met die geleerdes

in sy eie kerk, of hulle daarop wys dat hulle verkeerde stellings maak in die openbare media.

Terug by aardse dinge. Professor Richard Dawkins, tot en met 2008 Oxford Universiteit se Simonyi Professor for the Public Understanding of Science, word gereeld voorgehou as een van dié kundiges op die teorie van evolusie. Hier is sy mening oor 'n kompromisposisie.

> *'It seems to me an odd proposition that we should adhere to some parts of the Bible story but not to others. After all, when it comes to important moral questions, by what standards do we cherry-pick the Bible? Why bother with the Bible at all if we have the ability to pick and choose from it, what is right and what is wrong?'* – **Uittreksel uit The Root of all evil?**

'n Meer algemene opmerking hieroor verkrygbaar op die kitskos ensiklopedie, Wikipedia:

> *The major criticism of theistic evolution by non-theistic evolutionists focuses on its essential belief in a supernatural creator. These proponents argue that by the application of Occam's razor, sufficient explanation of the phenomena of evolution is provided by the processes of evolution, such as natural selection, and the intervention or direction of a supernatural entity is not required, simply adding another variable or assumption to the theory of evolution. Evolutionary biologist Richard Dawkins considers theistic evolution as a superfluous attempt to "smuggle God in by the back door".*
> *http://en.wikipedia.org/wiki/Theistic_evolution*

'n Aanhaling van William Provine uit 'n debat getiteld *Science or Naturalistic Philosophy?* som die evolusionêre posisie heel goed op:

> *'Let me summarize my views on what modern evolutionary biology tells us loud and clear -- and these are basically Darwin's views. There are no gods, no purposes, and no goal-directed forces of any kind. There is no life after death. When I die, I am absolutely certain that I am going to be dead. That's the end of me. There is no ultimate foundation for ethics, no ultimate meaning in life, and no free will for humans, either. What an unintelligible idea.'*
> – http://www.arn.org/docs/orpages/or161/161main.htm

'n Kompromisposisie soos deïstiese evolusie is baie moeilik, aangesien dit 'n wetenskaplike studieveld neem wat uitsluitlik materialisties is en 'n bonatuurlike element daarin probeer plaas. Teologies gesproke het niemand enige afleiding van miljoene en miljarde jare gemaak vanuit enige tekste voor die aanbreek van die era van Lyell, Darwin en kie nie.

Die kompromisposisie word ook nie vreeslik hoog aangeslaan deur ateïstiese wetenskaplikes nie. 'n Paar artikels word hier gelys.

- *Dawkins on compromising churchians* by http://creation.com/dawkins-on-compromising-churchians
- *Ken Miller's talk* by http://scienceblogs.com/pharyngula/2009/04/ken_millers_talk.php
- *Flashy graphic illustration of the creationism problem* by http://scienceblogs.com/pharyngula/2010/07/flashy_graphic_illustration_of.php

- *Coyne on the compatibility of science and religion* by http://scienceblogs.com/pharyngula/2009/01/coyne_on_the_compatibility_of.php
- *Theistic Evolution: The Fallacy of the Middle Ground* by http://bioinfo.med.utoronto.ca/Evolution_by_Accident/Theistic_Evolution.html

Die outeur wil ook mnr Toerien wys op 'n artikel van die ander kant af getiteld *The Skeptics and their 'Churchian' Allies* by http://creation.com/the-skeptics-and-their-churchian-allies. Dit is beslis die moeite werd om te lees.

'n Aanhaling van Jerry Coyne uit http://www.usatoday.com/news/opinion/forum/2010-10-11-column11_ST_N.htm dui op die swak posisie van deïstiese evolusie in sekulêre wetenskap.

> *"Science helps religion only by disproving its claims, while religion has nothing to add to science."*

Sekerlik een van die mees samevattende opinies hieroor is geskryf deur 'n kommentator met die naam Iapetus op 'n blog wat handel oor 'n internasionale skeppingsleer konferensie op http://scienceblogs.com/evolutionblog/2008/08/report_on_the_sixth_internatio_2.php. In antwoord op 'n opmerking dat aanhangers van teïstiese evolusie laer geag word as skeppingsleerders (YECs in die aanhaling) deur baie ateïste skryf hy:

> *"If you fully accept the neo-Darwinian theory of evolution by mutation and natural selection, you are certainly consistent in the sense that you do not have to make these ad hoc assumptions and unwarranted metaphysical speculations that YECs do to ram the known facts about the natural world in a preconceived dogmatical framework.*
>
> *However, as we all know you do not stop there. Rather, you are postulating that the process of evolution by natural selection was the means that your god used to bring about humankind. This is where I see a two-fold inconsistency appearing.*
>
> *It is inconsistent in a scientific sense because it introduces a superfluous, unnecessary element which does not bestow any additional explanatory power to the theory and is solely added on non-scientific, i.e. religious grounds. It is furthermore hard (I would say impossible) to reconcile this with our current understanding of the completely a-teleological nature of the evolutionary process, so the whole argument really is metaphysical rather than scientific. …*
>
> *… It is also (and even more so) inconsistent in a theological sense, because it forces you to dismiss the biblical creation account as mere fable or allegory. This in turn renders the whole saga of Jesus and his death as a vicarious atonement for humankind suspect, if not outright incoherent.*
>
> *Furthermore, I think it is somewhat misleading to call your position "theistic", because unless you posit that your god literally set up or intervened in the evolutionary process to achieve the desired outcome (which would be a scientific claim), what you really have here is a deistic position, where this god at most got*

> *the universe started and subsequently retreated into the shadows. I find this hard to reconcile with the picture that is painted in the bible.*
>
> *Finally, as I see it TE significantly exacerbates the theodizee* [moet eintlik theodicy wees] *problem, which to my knowledge remains an unsolved conundrum for christian apologists to this very day.*
>
> *So while your position is certainly more benign for science and society as a whole than outright creationism, it is burdened with such a huge amount of internal difficulties that I can understand people who say that the YEC position, while being irreconcilable with science, is at least faithful to the biblical account and in this sense more consistent than TE."*

Uit hierdie stuk blyk dit ook dat daar 'n verskil is tussen teïstiese en deïstiese evolusie, waar laasgenoemde posisie die Here nog verder op die agtergrond skuif en Hom basies net nodig het om die lont aan te steek.

Anton van Niekerk in sy boek *Geloof sonder sekerhede* skryf 'n baie waar ding rakende geloof en wetenskap. Iets waarvoor mens moet oppas is die verheffing van geloof tot wetenskap, aangesien dit kan lei tot bygeloof. Sy voorbeeld hiervoor was die sage tussen die Rooms-Katolieke Kerk en Galileo, waar die kerk Galileo gedwing het om sy teorie terug te trek ten gunste van die Ptolemeïese teorie waar alles om die aarde wentel, juis omdat laasgenoemde meer in ooreenstemming met die Bybel was. Is dit nie juis wat nou gebeur met evolusie nie, veral in die lig van mnr Toerien se gereelde aanhaling van 1 Joh 1:1-3?

Dit mag dalk hier ook tyd wees om weer na Kolossense 2:8 te kyk.

> *"Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie."*

**6. Bladsy 3**

"Dit herinner nie net aan die Inkwisisie nie, maar veral aan die pous se optrede teen Galileo oor dié wetenskaplike se oortuiging dat die aarde rond is."

Die destydse pous (en dus ook die Rooms-Katolieke Kerk) se siening was destyds gebaseer op die heersende wetenskaplike siening. Dit was in werklikheid 'n geskil tussen 'n geosentriese kosmologie (die aarde in die middel en alles draai om die aarde) en 'n heliosentriese kosmologie (die aarde draai om die son). Die Rooms-Katolieke Kerk se opinie was geskoei op die meerderheid opinie onder destydse wetenskaplikes, naamlik geosentriese kosmologie. Soos menigmaal in die geskiedenis bewys (ook onlangse geskiedenis) het die kerk bloot slaafs gevolg wat die wetenskaplike demokrasie gesê het. Die destydse pous se groot sonde was om na die wetenskappe te luister en nie *Sola Scriptura* toe te pas nie.

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na twee goeie artikels hieroor.

- *The Galileo affair: history or heroic hagiography?* kan gevind word by http://www.answersingenesis.org/tj/v14/i1/galileo.asp.
- *What were Galileo's scientific and biblical conflicts with the Church?* kan gevind word by http://www.christiananswers.net/q-eden/galileo.html.

Terloops, Galileo was nie in die moeilikheid omdat hy gesê het die aarde is rond nie, maar omdat hy van mening was dat die son om die aarde wentel. Eratosthenes het al in 240vC die omtrek van die aarde bereken en op daardie stadium was dit al amper 300 jaar lank geglo dat die aarde rond is. Die Katolieke Kerk was stadig, maar darem nie so stadig nie.

**7. Bladsy 4**

"Hoewel die NG Kerk en die NH Kerk formele standpunte ingeneem het (hieronder geplaas) beteken dit uiteraard nie dat alle lidmate of selfs predikante van hierdie kerke met die formele standpunte saamstem nie. Trouens, die jongste herrie volg juis na die NG Kerk se moderator, prof. Piet Strauss, deur die tydskrif Juig oor die kerk se amptelike standpunt genader is, en hy sy eie mening gegee het."

Prof Strauss se volledige antwoord is op Kletskerk gelaai. Hy het genoem dat hy nie seker is of die NG Kerk 'n standpunt oor die onderwerp het nie. Daarna het hy baie duidelik gemaak dat hy *sy eie* opinie nou weergee. http://www.kletskerk.co.za/viewtopic.php?f=1&t=11439. Sy kommentaar word hier geplak (beklemtoning deur outeur).

> ***"[JUIG!] Wat is die amptelike standpunt van die NG Kerk oor evolusie? Word die Bybel nog onvoorwaardelik as die woord van God aanvaar?***
>
> *[PS] Ek dink nie die NG kerk het al ooit 'n standpunt hieroor geformuleer nie. Die gesag van die Bybel is breed aanvaar. Met die huidige omstredenheid kan daar moontlik nog iets van kom.* ***Ek persoonlik glo*** *aan die Bybelse Skeppingsleer met God-Drieenig as Skepper van die hemel en aarde. Ek dink egter dat daar binne die soorte van plant, dier en mens sekere evolusionêre veranderinge kan plaasvind. Daar is egter geen bewese sprake van die "spontane" oorgang tussen die soorte soos die konsekwente evolusioniste beweer nie.*
>
> *Dooie fossiele kan dit nie bewys nie. Konsekwente evolusie is uiteindelik 'n (by-) geloof met bewerings wat nie behoorlik gestaaf kan word nie. Om te beweer dat God die " big bang" gebruik het om alles op mekaar te laat volg, impliseer dat die skepping binne die tyd plaasgevind het waarin dinge op mekaar volg, en dit terwyl God tyd geskep het.*
>
> *Die minute het eers na die voltooiing van alles begin tik. Daar mag mense wees wat anders dink, maar my voorouers was nie ape nie!"*

Dit is ook reeds gewys dat die NH Kerk ook nie formeel standpunt hieroor ingeneem het nie, aangesien geen genotuleerde besluit geneem is hieroor nie.

Laastens wil die outeur homself wend tot die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), wat gelys is onder die opskrif *So glo ons* op die webwerf van die NH Kerk, mnr Toerien se eie kerk. Beklemtoning in die aanhalings deur die outeur.

> *"Artikel 3 - Die geskrewe Woord van God*
> ***Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê*** *(2 Pet 1:21).*

*Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe.* ***Daarom noem ons sulke geskrifte die Heilige en Goddelike Skrif."***

En ook

*"Artikel 5 - Die gesag van die Heilige Skrif*
*Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig.* ***Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is****, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."*

En ook

*"Artikel 7 - Die volkomenheid van die Heilige Skrif*
*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word...*

*...****Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie****; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of van persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles.* ***Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self*** *(Ps 62:10).* ***Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is*** *(1 Joh 4:1). En:* ***As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie*** *(2 Joh 1:10)."*

En ook

*"Artikel 15 - Die erfsonde*
*Ons glo dat die erfsonde deur die* ***ongehoorsaamheid van Adam*** *oor die hele menslike geslag uitgebrei het..."*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis blyk 'n belangrike deel uit te maak van dit waarin die NH Kerk glo, waarvan mnr Toerien ook 'n trotse lid is. Mens kan dus die aanname maak dat hy dit ook dan as belangrik ag. Hoe strook dit egter om die waarheid van die skeppingsverhaal te verwerp as die NH Kerk se aanhang van die NGB dit tog duidelik impliseer dat die NH Kerk alles sonder twyfel glo wat in die Bybel vervat is? Hoe strook mnr Toerien se geloof dat die skeppingsverhale geleen is by ander kulture met artikel 3 van die NGB?

Die NGB is ook baie duidelik daaroor dat die ongehoorsaamheid van Adam, nie die mense in die oertyd nie, maar Adam by name, tot die erfsonde gelei het.

*"Artikel 13 - Die voorsienigheid van God*

> ***Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie****, maar dit volgens sy heilige wil só bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie."*

Evolusie is per definisie planloos en doelloos en sluit nie 'n Godheid in nie. Die artikel sê ook spesifiek "nadat Hy alle dinge geskep het". Hoe vergelyk dit met die konsep van evolusie waar alle lewende dinge van 'n "Last Universal Ancestor (LUA)" afstam? Die wetenskap is klaarblyklik seker daaroor dat sedert die LUA het alle lewende dinge via evolusie ontstaan. Dit is dus nie geskep nie.

> *"Artikel 14 - Die skepping van die mens en die sondeval, en die gevolge daarvan*
> ***Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het****; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê, goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem."*

Hierdie artikel noem nie dat die mens vanuit 'n aapagtige voorouer ontstaan het nie, maar dat God die mens "uit die stof van die aarde" geskep het. Hoe kan enigiemand, of selfs 'n instansie soos die NH Kerk (en tegnies enige kerk wat die NGB aanhang) glo in evolusie as die NGB dit so duidelik stel? Met al die toegifte wat gemaak word jeens die wetenskap moet mnr Toerien dalk die NH Kerk versoek om die NGB te verwerp (of natuurlik aanpas) omdat dit nie belyn is met die moderne wetenskap nie.

Daar word ook op talle plekke in die literatuur genoem dat evolusie nog steeds aanhou. As God deur middel van evolusie geskep het, beteken dit dat die skepping nog nie klaar is nie en dan maak dit Genesis 2:2 tot leuen. Beklemtoning deur outeur.

> *"Op die sewende dag* ***was God reeds klaar met die skeppingswerk*** *en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het."*

**8. Bladsy 4**

"Wat uiteindelik uitkristalliseer, is dat die Christen hom nie op die wetenskap, en veral die jong aarde kreasionisme se kwasi-wetenskap (creationist science) moet verlaat om die Bybelse Skeppingsverhale te bewys nie, en dat wetenskaplikes nie bewyse vir evolusie moet gebruik om ateïsme te motiveer nie."

Baie edel, maar wetenskaplikes steur hulself nie juis hieraan nie. Veral nie dié met 'n sterk materialistiese en ateïstiese agenda nie. Bewyse vir evolusie word *juis* gebruik om die Bybel verkeerd te bewys. So ook die aanvaarde tydlyne in die argeologie. Dit het baie gelowiges die pad byster laat raak. Die jong aarde skeppingsleer het onder meer tot stand gekom as gevolg van hierdie aanslag op die Bybel. Dit is ook kommerwekkend dat mnr Toerien iets wat die Bybel reg bewys as kwasi-wetenskap afmaak.

Op 'n sydelingse noot. Sodra iemand van kwasi-wetenskap begin praat is dit 'n duidelike aanduiding dat die persoon die man speel en nie die bal nie.

**9. Bladsy 4**

"'n Groot deel van die probleem gaan oor die letterlike opneem van die Skeppingsverhale, en dan vererger deur die vertaling van die Hebreeuse woord, Yom, met 'n dag. Yom kan enigiets van 'n 24-uur dag tot 'n baie lang tyd (ewigheid) beteken."

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na die volgende artikels.

- *The Hebrew language and Messianic prophecies* by http://creation.com/the-hebrew-language-and-messianic-prophecies
- *The meaning of yôm in Genesis 1:1–2:4*, verkrygbaar in Journal of Creation 21(2):52–55, August 2007 of by http://creation.com/images/pdfs/tj/j21_2/j21_2_52-55.pdf
- *Why is CMI so dogmatic on 24-hour creation days?* http://creation.com/why-is-cmi-so-dogmatic-on-24-hour-creation-days
- *Professors: A day means a day!* http://creation.com/professors-a-day-means-a-day
- *The numbering pattern of Genesis* http://creation.com/the-numbering-pattern-of-genesis
- *Why Did God Take Six Days?* beskikbaar by http://www.answersingenesis.org/articles/2007/02/01/why-six-days
- *The days of creation: A semantic approach* beskikbaar by http://creation.com/the-days-of-creation-a-semantic-approach

Daar is soveel materiaal wat beide kante van die argument verdedig beskikbaar dat dit wat op die ou einde vir die leser aanvaarbaar is grotendeels sal afhang van sy/haar voorveronderstellings.

**10. Bladsy 5**
"Kreasioniste is lief om by herhaling te skryf dat evolusie net 'n teorie is, 'n hipotese, en nog nooit bewys is nie."

Dit is gedeeltelik waar. Die mense wat skryf dat evolusie *net* 'n teorie is, is egter wetenskaplik oningelig. As mnr Toerien die moeite gedoen het om rond te speel op die webwerwe van hoofstroom skeppingsleer organisasies sou hy gesien het dat daar op CMI se webwerf 'n artikel is getiteld *Arguments we think creationists should NOT use*. Dit is verkrygbaar op http://creation.com/arguments-we-think-creationists-should-not-use. Hierdie stelling is daarin vervat. Dit lees dat evolusie inderdaad *nie* 'n teorie is in die streng wetenskaplike sin van die woord nie, maar 'n hipotese. 'n Mens wonder of mnr Toerien se stelling nie dalk foutief is nie, aangesien daar 'n redelike groot verskil in die wetenskappe is tussen 'n hipotese en 'n teorie.

**11. Bladsy 5**
"Jong aarde kreasioniste erken slegs een vorm van argeologiese en geologiese datering, naamlik die koolstofdateringstoets (en betwis die akkuraatheid hiervan), terwyl hierdie toets slegs vir die baie onlangse verlede gebruik kan word."

Dit is blatant onwaar om te beweer dat skeppingsleerders slegs koolstofdatering erken. Die akkuraatheid daarvan, asook dié van die ander metodes word wel betwis, maar nie die verskillende metodes nie. Dit sou in elk geval sinneloos wees om een tipe radiometriese toetsing te erken, maar nie ander tipes nie, aangesien die verskillende vorms van radiometriese datering almal op dieselfde basiese beginsels werk.

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na die volgende webwerwe toe wat die werklike siening van skeppingsleer organisasies ten toon stel en nie die strooipop wat mnr Toerien hier opstel nie:

- *What is radiocarbon dating? Is it accurate?* by http://www.answersingenesis.org/get-answers/topic/radiometric-dating

- *How dating methods work* by http://creation.com/how-dating-methods-work;
- *The way it really is: little-known facts about radiometric dating* by http://creation.com/the-way-it-really-is-little-known-facts-about-radiometric-dating en
- *The Dating Game* by http://www.gennet.org/facts/metro14.html.

Maar wat wel 'n feit is, is dat skeppingsleerders baie van die koolstofdateringsmetode hou, omdat dit wys dat alles jonger as 250 000 jaar oud is omdat daar nog niks koolstofdraend gevind is wat nie C-14 bevat nie. Nie Verder moet 'n mens vra hoe weet wetenskaplikes watter radiometriese metode gebruik moet word? Gewoonlik is dit die een watter resultaat die beste by die evolusionêre voorveronderstelling inpas.

**12. Bladsy 5**

"Hulle toon gewoonlik 'n erge onkunde oor watter boeke van die Bybel metafories bedoel is, welke boeke as kodeskrifte geskryf is om vervolging vry te spring (Daniël en Openbaring), en om tekste te ignoreer wat hierdie sleutels verskaf, soos Psalm 90 en 2 Petrus 3."

Die opmerking oor die tydperke is ook etlike kere op die Volksblad se webwerf neergepen. Die Strong's Greek & Hebrew Dictionary het die volgende hieroor te sê. In Ps 90:4 is die woord wat in Engels vertaal as "eleph" (Strong H505) gebruik vir "duisend". Dit is afgelei van trekdiere, maar wanneer as syfer gebruik, vertaal dit as duisend. Die woord shâneh (Strong H8141) is vir jare/jaar gebruik. Dit dui normaalweg op jaar, maar dit blyk wel of dit vir "whole age" ook gebruik kan word. Hierdie gedeelte kan dus as 'n langer tydsduur as bloot tien eeue aandui.

In 2 Pet 3:8 word die woord chilioi (Strong G5507) gebruik vir "duisend". Grieks in plaas van Hebreeus. Chilioi vertaal as duisend. Niks meer of minder nie. Die woord "etos" (Strong G2094) word gebruik vir jaar. Dit vertaal as jaar, niks meer of minder nie. Tensy Strong se woordeboek as ongeldig verklaar word, is die enigste een van daardie twee gedeeltes (Ps 90:4 of 2 Pet 3:8) wat gebruik kan word om meer as 1000 jaar aan te dui die een in Psalm 90. Daar stem die outeur wel met mnr Toerien saam. Die stuk kan inderdaad as beeldspraak gesien word. Dit is immers 'n gedig/loflied.

Die outeur verwys graag mnr Toerien na http://creation.com/2-peter-38-one-day-is-like-a-thousand-years

Op 'n ander noot, dit is een ding om sekere Bybelboeke as metafories te verklaar, maar wanneer slegs verse (gewoonlik daardie gedeeltes wat die argumenteerder pas) as metafories verklaar word en ander verse nie, dan raak dinge gevaarlik. Die Bybel, soos enige dokument of geskrif, moet as 'n geheel en in konteks gelees word. Mnr Toerien is lief om 2 Pet 3:8 aan te haal om sy standpunt te bewys en dit is baie duidelik dat hy dit nie as metafories aanvaar nie, maar wat van die voorafgaande drie verse, 2 Pet 3:5-7?

> *Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word.*

Moet ons verse 5 tot 7 as beeldspraak lees en vers 8 as werklik? Dis 'n gevaarlike pad om so om te gaan met God se woord dat mens kan besluit watter verse is beeldspraak en watter nie. Dit impliseer dat die meerderheid Christene nie voldoende toegerus is om hulle eie Bybels te lees nie.

Douglas Kelly (Gereformeerde teoloog) het die volgende te sê gehad hieroor:

> *"I would simply suggest that to interpret 'very good' as including pre-Fall pain, death, etc. is simply inadmissible in terms of proper Hebrew exegesis. If one can turn a word (or two words - tobh me'od) upside down on its head to mean the exact opposite of what it clearly says, the authority of Scripture is a nose of wax to be shaped by the changing culture."*
> – Ross-Hovind Debate, John Ankerberg Show, October 2000" - http://creation.com/rosshovind-debate-john-ankerberg-show-october-2000-analysis-by-jonathan-sarfati

**13. Bladsy 5**

"Kreasioniste gebruik dikwels die analoog van die sondeval om te motiveer dat evolusie nie kan bestaan nie, en dit is onder meer onlangs weer deur proff. Paul Kruger en Ampie Coetzee van die Teologiese Skool Potchefstroom gebruik. In wese lui die argument dat daar 'n sondeval moes wees om Jesus se kruisdood te regverdig, en om 'n sondeval te hê moet die Bybelse Skeppingsverhale, in besonder die tweede, wat eerste geplaas is en uit die tyd van die Babiloniese ballingskap dateer, feitelik letterlik wees.
Die omgekeerde argument hou egter meer water – die mens is sondig (Jesus het self die mense wat die owerspelige vrou wou stenig gedaag dat die een wat sonder sonde is die eerste klip moet optel), en dit is daarom nie nodig vir die Christen om hom op 'n weergawe uit die tyd van die Babiloniese ballingskap te verlaat om te begryp dat hy sondig is nie. (Lees gerus 1 Joh 1: uit die 1953-vertaling)."

> **Rom. 5:12-15:** *"Daarom, soos deur* een mens *die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword."*

Paulus was hier redelik ondubbelsinnig gewees. Volgens hom het Adam sonde in die wêreld ingebring. Paulus het die sogenaamde "geskrif uit die tyd van die Babiloniese ballingskap" beskou as die waarheid. Dit is vreemd dat die persoon wat verantwoordelik is vir die meerderheid van die Nuwe Testament nie teologies genoegsaam begelei was om agter te kom dat die skeppingsverhale in Genesis nie die waarheid was nie, maar ingevoer is vanuit ander kulture.

Tegnies is dit nie Paulus se opinie gewees nie. Ons as Christene bely tog 2 Timoteus 3:16 en 17 wat sê:

*"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (1953 vertaling)*

*"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (1983 vertaling)*

God, in gestalte van die Heilige Gees, het dus vir Paulus geïnspireer om te skryf dat sonde deur *een mens*, Adam, in die wêreld ingekom het en daarom was dit nodig om Sy Seun Jesus Christus te stuur om vir ons sondes te sterf. Die vraag wat dus afgevra moet word is: Was die Heilige Gees oningelig of nie behoorlik teologies begelei nie?

So ook Lukas 11:49 tot 51 waar Jesus die volgende sê:

*"Daarom het die wysheid van God ook gesê: Ek sal profete en apostels na hulle stuur, en van dié sal hulle doodmaak en vervolg, sodat van hierdie geslag afgeëis kan word die bloed van al die profete wat vergiet is van die grondlegging van die wêreld af, van die bloed van Abel af tot op die bloed van Sagaría wat omgekom het tussen die reukaltaar en die huis van God. Ja, Ek sê vir julle, dit sal afgeëis word van hierdie geslag."*

Dit klink nogal of Jesus vir Abel as 'n regte persoon beskou. Was Hy oningelig dat Abel nie regtig bestaan het nie of was Jesus nie behoorlik teologies begelei om te weet dat ons die storie van Kain en Abel metafories moet interpreteer nie?

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na 'n artikel getiteld *Preaching the Gospel in today's society* by http://creation.com/preaching-the-gospel-in-todays-society. Toe Paulus met die Grieke gepraat het, het hy by die skepping begin sodat hulle sonde en die kruisiging kon verstaan. Hy het die konteks geskep.

Dit mag dalk nou nie meer teologies mode wees om Moses as die outeur van die Pentateug te beskou nie, maar in Jesus se tyd was dit beslis die geval gewees. Jesus het dit ook so gesien. (Op hierdie noot kan mens vra wie beter weet oor Moses se outeurskap/redakteurskap van die Pentateug: Jesus of liberale teoloë). Lukas 16 verse 19 tot 31 vertel 'n baie interessante storie. Jesus eindig in vers 31 af met die volgende (die woorde van Abraham in die gelykenis):

*"Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."*

Jesus beskou Moses se geskrifte, wat ons vandag as die Pentateug ken, as gesaghebbend. Moet ons nie dalk ook nie? Was Jesus verkeerd of oningelig?

Laastens weer 'n gedeelte of wat vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis.

*"Artikel 15 - Die erfsonde*
*Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het...* ***Ons verwerp hiermee die dwaling van die***

> ***Pelagiane wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.*”**

En ook

> *“Artikel 16 - Die ewige verkiesing van God*
> *Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam homself* ***deur die sonde van die eerste mens*** *in die verderf en ondergang gestort het, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig.”*

En ook

> *“Heidelbergse Kategismus Sondag 3*
> *Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?*
>
> *Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.”*

Die NH Kerk moet dalk weer besin oor dit waarin hulle glo. Die NGB en die Heidelbergse Kategismus (HK) wat die NH Kerk, en mnr Toerien as lidmaat, aanhang as belydenisskrifte sê uitdruklik dat die erfsonde vanaf Adam kom en dat “die eerste mens” gesondig het. Dit sê uitdruklik dat daar ŉ sondeval was. Artikel 15 van die NGB gaan sover om te sê dat ŉ teenstrydige opinie ŉ dwaling is. As die NH Kerk en mnr Toerien eerder die opinie van ŉ teoloog wil aanvaar as die NGB en HK moet die NGB en HK dalk verwerp word of aangepas word, maar dit kan nie meer geplaas word onder die *So glo ons* skakel op die NH Kerk se webwerf nie.

**14. Bladsy 6**
“Ons vind in die Bybel verskillende skeppingsverhale waarvan die elemente wat in die verhale voorkom, ook bekend is uit baie van die ander Midde-Oosterse lande soos Sumerië, Babilonië, Egipte en ander. ’n Mens hoef net met ’n oop gemoed die twee verhale van Genesis 1 en 2 te lees om te sien dat ons nie met juiste wetenskaplike verklarings te make het nie – byvoorbeeld was die mens toe laaste geskep na al die ander dinge in die natuur (Gen 1), of was die man eerste geskep en toe die diere en laaste die vrou (Gen 2)?”

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na ŉ paar artikels oor die onderwerp van botsende skeppingsverhale.

- *Two Creation Accounts -- or One?* by http://www.tektonics.org/jedp/creationtwo.html
- *Genesis contradictions?* by http://creation.com/genesis-contradictions
- Problems in interpreting Genesis: Part 1 by http://creation.com/problems-in-interpreting-genesis-part-1
- Problems in interpreting Genesis: Part 2 by http://creation.com/problems-in-methods-of-interpretationgenesis-1-11-part-2
- Contradictions: Two Creation Accounts? by http://www.answersingenesis.org/articles/2009/06/15/contradictions-two-creation-accounts

- Feedback: Do Genesis 1 and 2 Contradict Each Other? by http://www.answersingenesis.org/articles/2010/09/03/feedback-genesis-1-and-2

'n Mens kan redelik maklik sien dat die eerste skeppingsverhaal (soos dit voorkom in die Bybel) geskryf is vanuit God se perspektief. Daar was immers nog nie mense om dit op te teken nie. Die tweede (soos dit voorkom in die Bybel) is geskryf vanuit die mens se perspektief. Daar is geen chronologiese verloop van tyd in hierdie verhaal nie en boonop is die skepping van plante en diere na die mens bloot dit wat in die tuin geskep is.

Dit kom neer op die gesegde van "glo is sien". Nee, dit is nie verkeerd om geskryf nie. Wat jy glo, bepaal wat jy sien. As jy glo in miljoene jare, dan sal jy dit sien. As jy glo daar is foute in die Bybel en baie aspekte daarvan is geleen by ander kulture en gelowe, dan is dit wat jy sal raaksien. In plaas daarvan dat Christene gefokus bly op God Drie-enig en die verkondiging van Sy woord, wil ons Sy woord onderwerp aan die wetenskappe en dit verander soos wetenskaplike insigte verander.

Die outeur het onlangs 'n baie goeie artikel raakgelees hieroor. Die artikel is getiteld *Earth may have had water from day one* beskikbaar by http://www.newscientist.com/article/mg20827853.800-earth-may-have-had-water-from-day-one.html wat baie goed aandui dat die wetenskappe se gedurige verandering tog van tyd tot tyd die Bybel reg bewys. Ons lees in Gen 1:1 en 2 die volgende:

> *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."*

Die wetenskappe het vir baie lank geglo dat die water op die aarde nie teenwoordig kon gewees het in die hoë-temperatuur omgewing wat geheers het tydens die planetêre vorming van die aarde nie. Dit het klaarblyklik eers later gekom en derhalwe is die Bybel verkeerd. Nou blyk dit tog dat die Bybel nie so ver verkeerd is as wat skeptici wil voorgee nie. Die Bybel is die onfeilbare woord van God.

Die jong aarde skeppingsleer se siening oor die Bybel behels basies dat elke Christen die Bybel vir hom- of haarself moet kan lees. Ja, teologiese begeleiding is belangrik, maar 'n mens moet self die Bybel kan lees. As ons iemand nodig het om die Bybel vir ons te interpreteer, dan is ons terug in die Donker Eeue waar die priesters enige dwaling kan verkondig van die kansels af omdat die ongeletterde massas nie Latyn kon lees nie, of meer onlangs waar apartheid geregverdig is vanuit die Bybel en die mense dit vir dekades lank as evangelie opgevreet het omdat die kerk, dominee en sinode gesê het wat ons wou hoor, in plaas daarvan om God se wil te soek.

Op 'n ander noot, met die vryheid waarmee mnr Toerien die sogenaamde foute in die Bybel aanvaar as invoere van ander gelowe en kulture, wonder die outeur nogal wat mnr Toerien se opinie is oor die teorieë rakende die sogenaamde Copycat Saviour, soos verkondig in Zeitgeist en Religulous. Ter agtergrond, daar word beweer dat Jesus gebaseer is op verskeie ander Verlossermites, wat ook almal blykbaar ouer is as hy. Die onderwerp is opgebring in 'n Volksblad forum waarin mnr Toerien deelgeneem het en mnr Toerien het geen woord daaroor gerep nie. Vir 'n goeie weerlegging van die "copycat" teorieë, kyk na *Confronting the Copycat Thesis: A Multi-Essay Examination* by http://www.tektonics.org/copycathub.html.

**15. Bladsy 7**

"Ons hoef nie bedreig te voel deur enige resultaat van die wetenskap nie. Want ons aanbid die God wat as Skepper bely word."

Die wetenskappe en veral oorsprongwetenskappe soos dit tans daarna uitsien laat *geen* ruimte toe vir 'n Skepper nie. Mnr Toerien is deeglik bewus daarvan. Geen erkende sekulêre wetenskaplike vaktydskrif sal 'n artikel eers plaas waar God as Skepper erken word nie.

'n Mens moet ook onderskei tussen historiese wetenskap (oorsprongwetenskappe) en operasionele of bedryfswetenskappe. Bedryfswetenskap laat vliegtuie vlieg, sit mense op die maan, ontwikkel verf waaraan ys nie kan vasklou nie en nog vele meer. 'n Mens se geloof speel geen rol daarin nie. Boyle se wette verander nie as jy Christen, Hindoe of ateïs is nie. Die outeur verwys mnr Toerien na 'n artikel getiteld *It's not science* by http://creation.com/its-not-science.

'n Aanhaling van Richard Lewontin, 'n groot gees in die evolusionêre biologie, is heel gepas hierso. Dit kom uit bladsy 31 van sy boek *Billions and billions of demons*.

> *"We take the side of science in spite of the patent absurdity of some of its constructs, in spite of its failure to fulfill many of its extravagant promises of health and life, in spite of the tolerance of the scientific community for unsubstantiated just-so stories, because we have a prior commitment, a commitment to materialism.*
>
> *It is not that the methods and institutions of science somehow compel us to accept a material explanation of the phenomenal world, but, on the contrary, that we are forced by our a priori adherence to material causes to create an apparatus of investigation and a set of concepts that produce material explanations, no matter how counter-intuitive, no matter how mystifying to the uninitiated. Moreover, that materialism is an absolute, for we cannot allow a Divine Foot in the door.*
>
> *The eminent Kant scholar Lewis Beck used to say that anyone who could believe in God could believe in anything. To appeal to an omnipotent deity is to allow that at any moment the regularities of nature may be ruptured, that Miracles may happen."*

Professor Evelleen Richards, 'n wetenskaphistorikus by die NSW Universiteit in Australië het die volgende te sê gehad op die program *Lateline*, die 9$^{de}$ Oktober 1998.

> *'Science … is not so much concerned with truth as it is with consensus. What counts as "truth" is what scientists can agree to count as truth at any particular moment in time … [Scientists] are not really receptive or not really open-minded to any sorts of criticisms or any sorts of claims that actually are attacking some of the established parts of the research (traditional) paradigm — in this case neo-Darwinism — so it is very difficult for people who are pushing claims that contradict the paradigm to get a hearing. They'll find it difficult to [get] research grants; they'll find it hard to get their research published; they'll, in fact, find it very hard.'*

Vir nog meer aanhalings, verwys na http://www.glodiebybel.co.za/skepping-vs-evolusie-m/59-aanhalings-kat/149-aanhalings-is-evolusie-en-die-bybel-versoenbaar.html.

Die wetenskaplike resultate en studies sluit uitdruklik ŉ Skepper uit en enige stemme wat die teendeel probeer bewys word stilgemaak.

**16. Bladsy 7**

"Wat die kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines dit verder aan ons ontvou."

Hierdie gedeelte uit mnr Toerien se skrywe staaf die outeur se standpunt in kommentaar 1 hierbo. Die NG Kerk het slegs ŉ standpunt oor *Wie* geskep het. Die NG Kerk het geen standpunt oor die ontstaan van lewe nie, asook die verdere ontwikkeling daarvan nie en onderskryf gevolglik *nie* deïstiese evolusie nie.

**17. Bladsy 10**

"(Dit het intussen geblyk dat die NG Kerk ook reeds elders ŉ meer formele standpunt gestel het wat nie werklik standpunt inneem oor hoe God geskep het nie)."

Volgens mnr Toerien is sy bundel opgestel met die meer onlangse skrywes eerste. Dit is dus kommerwekkend dat sy jonger kommentaar oor hierdie standpunt teenstrydig is met hierdie gedeelte wat terloops geskryf is en boonop nog tussen hakies staan. Elders in die jonger gedeeltes (bladsy 2 spesifiek), wat geskryf is nadat hierdie kennis opgedoen is, word luidkeels verklaar dat die NG Kerk *amptelik* deïstiese evolusie aanvaar het. Is mnr Toerien doelbewus misleidend of gryp hy na halms om sy standpunt te regverdig?

**18. Bladsy 10**

"Strauss kla dat geen van die aanvalle wat hy sedertdien beleef het nie teen sy argumente gerig is nie, maar persoonlik. Dit is moeilik te verstaan, omdat by verre die grootste gros kritiek na sy uitlatings juis teen sy argumente gerig was."

Daar is baie van daardie aanvalle wat persoonlik van aard was. Die mees prominente is dié van Jurie van den Heever wat verskeie openbare platforms geniet het. Om te demonstreer, kyk die volgende aanhalings uit *Herrie oor NG moderator se evolusie-mening* - http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Herrie-oor-NG-moderator-se-evolusie-mening-20100726:

> *Dr. Jurie van den Heever, paleontoloog van die Universiteit van Stellenbosch, het selfs woorde soos "dom" en "belaglik" gebruik in sy reaksie op Strauss se standpunt.*
> *Hy't ook gesê dis miskien gevaarlik om so iemand as moderator te hê van ŉ kerk wat baie hoog oor die waarheid opgee.*
> *Daarin het Van den Heever onder meer gesê dis gewoon dom om van spontane oorgange tussen spesies te praat, want die oorgange is nie spontaan nie.*
> *Om te sê fossiele kan evolusie nie bewys nie, is volgens Van den Heever om in die induktiewe wetenskaplike metodes van die 17de eeu vasgevang te wees.*

> *"Om al die empiriese bewyse te ignoreer en evolusie as bygeloof te bestempel, toon duidelik dat Piet Strauss óf nie lees nie óf geen kritiese oordeelsvermoë het wanneer dit by voor die handliggende feite kom nie."*

Kyk by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/68-piet-strauss-se-siening-oor-evolusie.html vir 'n opsomming van die kwessie.

**19. Bladsy 10**

"Die afgelope 40 jaar handhaaf wetenskaplikes, ook Christen-wetenskaplikes, die standpunt dat daar meer bewyse vir evolusie is as wat daar is dat die aarde rond is."

Wat is die bronverwysing hieroor? Rakende die hoeveelheid bewyse: dit is irrelevant. Daar is foto's van die aarde wat geneem is vanuit die buitenste ruimte en, anders as met evolusie, het mens geen "geleerde" interpretasie nodig om te sien dis rond nie. Regtig nie 'n goeie analogie nie.

Dit is net so 'n swak analogie soos wat Richard Dawkins in sy boek *The Greatest Show on Earth* maak, waar hy die veranderinge in 'n mens se gesig oor die jare van baba tot pensionaris as bewys vir evolusie gebruik.

Die groot verskil tussen die twee argumente (evolusie en 'n ronde aarde) is dat die aarde wat rond is, bedryfswetenskap is en evolusie historiese wetenskap is. Die verskil is dat bedryfswetenskap getoets en waargeneem kan word, waar historiese wetenskap nie aan hierdie vereistes voldoen nie. Die outeur verwys mnr Toerien weereens na 'n artikel getiteld *It's not science* by http://creation.com/its-not-science.

Mnr Toerien maak met hierdie stelling die aanname dat die klein veranderinkies van natuurkeuse oor 'n baie lang tyd lei tot evolusie op die skaal van vis-tot-vioolspeler.

**20. Bladsy 11**

"Is dit moontlik dat hy onbewus was van sy eie kerkverband se standpunte oor evolusie?"

Soos dat die NG Kerk *geen* standpunt het nie? Tegnies is mnr Toerien korrek, aangesien prof. Piet Strauss verskil van die NG Kerk se standpunt. Hulle het nie een nie en hy het. As mens egter kyk na prof. Strauss se aanhaling in kommentaar 7 hierbo is dit egter duidelik dat hy wel bewus was daarvan.

**21. Bladsy 11**

"…die jong aarde kreasioniste, 'n beweging wat nou kenmerke van 'n kultus aanneem..."

Dit is 'n baie growwe stelling om te maak en is totaal ongegrond. Wat is mnr Toerien se bevoegdheid, afgesien om te verskil van die standpunte, om so 'n stelling te maak? Hierdie kan gesien word as 'n *ad hominem* aanval. Die man word gespeel en nie die bal nie. Spreekwoordelik, natuurlik.

**22. Bladsy 11**

"...die kwasi-wetenskap van mense met bedenklike kennis glo..."

Wat is mnr Toerien se bevoegdheid, afgesien om te verskil van die standpunte, om so 'n stelling te maak? Het alle mense wat van hom verskil bedenklike kennis, selfs al het

hulle veel hoër kwalifikasies as hy in die wetenskappe? Weereens word die man gespeel en nie die bal nie. Dit wil voorkom of mnr Toerien nie sy standpunte kan staaf met gegronde feite nie en nou berus hy hom daarby om die aanhangers van die skeppingsleer eerder persoonlik aan te vat.

**23. Bladsy 13**

"Dit staan nie in die Bybel nie, en 'n behoorlike teologiese begeleiding leen hom ook nie om tot so 'n syfer te kom nie. ... Met 'n bietjie teologiese begeleiding sien hulle gou in dat die aarde nié 6 000 jaar oud kan wees nie, en skep die nuwe insig ook geen geloofskrisis nie."

Die outeur het al menige van mnr Toerien se skrywes en bydrae op aanlyn fora gelees en dit is duidelik dat mnr Toerien se idee van 'n behoorlike teologiese begeleiding een is wat voor die wetenskap buig. Die outeur wil graag van mnr Toerien verneem of hy ook saamstem met Bybelse argeoloë wat van mening is dat Dawid en Salomo mitiese figure was omdat daar geen argeologiese bewyse vir hulle is nie. So ook die mitologiese aard van Abraham, soos vervat in prof Jurie le Roux van die UP se studienotas by http://www.glodiebybel.co.za/debatte-briewe-kommentare-m/43-kommentare-kat/102-kommentaar-op-jurie-le-roux-se-studienotas-oor-abraham.html.

'n Behoorlike teologiese begeleiding lei ook nie tot 'n aarde wat miljarde jare oud is nie.

**24. Bladsy 13**

"Die "hebride" wat gevolg het was mense wat nie langer weens 'n "geloof soos 'n kind" die Skeppingsverhaal letterlik verstaan het nie, maar wat nou aan die hand van kwasi-wetenskaplikes dit "weet."

Hoe is dit enigsins anders as aanhangers van die deïstiese evolusie wat aan die hand van wetenskap "weet" dat die Skeppingsverhaal in Genesis verkeerd is en wat "weet" dat die aarde miljarde jare oud is en dat God evolusie gebruik het om te skep, in direkte teenstand met dit wat opgeteken staan?

**25. Bladsy 13**

"Dele van die Bybel, soos Ps 90: 4 en 2 Petrus 3: 8 word geïgnoreer. Geen ruimte word vir metaforiese uitlegte gelaat nie..."

Die outeur wil graag, terwyl Psalms aangehaal word, mnr Toerien verwys na Ps. 118:8, wat lees: "*Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou."* Moet dit ook metafories gelees word? Die reël is eintlik heel eenvoudig: lees geskiedenis as geskiedenis, metafore as metafore, poësie as poësie, ens.

**26. Bladsy 14**

"...en die ou aarde kreasioniste se beter Bybelkennis..."

Dit is 'n veralgemening sonder enige stawing hoegenaamd en kan gesien word as 'n *ad hominem* aanval.

**27. Bladsy 14**
"Dit wil voorkom asof prof. Piet Strauss ook nie die jong aarde kreasionisme aanhang nie"

Hy doen wel. Persoonlike kommunikasie oor 'n beker koffie met hom op 8 Augustus 2010 net buite 'n reënerige Franschhoek.

Mnr Toerien woon in Bloemfontein. Dalk moet hy gaan aanklop by prof. Piet en dit uit die spreekwoordelike perd se bek hoor.

**28. Bladsy 14**
"Om Noag se ark te vind is dus 'n belangrike onderdeel, en gedurig word aangekondig dat dit ook gebeur het."

As Noag se ark gevind kan word sal dit 'n reuse oorwinning wees vir die jong aarde skeppingsleer, maar dit is nie so 'n groot kwessie vir hoofstroom skeppingsleer organisasies nie.

Die outeur verwys graag vir mnr Toerien na etlike artikels oor die onderwerp.

- http://creation.com/special-report-amazing-ark-expose
- http://creation.com/noahs-ark-questions-and-answers

'n Meer onlangse artikel (eintlik 'n oorspronklike artikel met opdaterings) op CMI se webwerf wys baie duidelik hoe die hoofstroom skeppingsleer organisasies hierdie onderwerp benader. Die artikel is getiteld *Noah's Ark, or … what?* en is beskikbaar op http://creation.com/noahs-ark-or-what.

'n Belangrike reël moet onthou word: Geen bewys vir iets is nie bewys daarteen nie. As mnr Toerien op hierdie wa wil klim, moet hy bereid wees om te erken dat evolusie nooit gebeur het nie omdat daar weinig tussenskakels gevind kan word wat evolusie steun. Kyk by http://www.glodiebybel.co.za/skepping-vs-evolusie-m/59-aanhalings-kat/153-aanhalings-vermiste-skakels.html.

**29. Bladsy 15**
"Bybelse verwysings na mense wat voor en na die vloed bestaan het (soms as die reuse vertaal) word geïgnoreer."

Die outeur is nuuskierig om te weet wat hiermee bedoel word. As mnr Toerien hiermee bedoel die geslagsregisters soos opgeteken in die Septuagint of in die Samaritaanse Pentateug, dan wil die outeur graag vir mnr Toerien verwys na die feit dat al die vertalings wat ons in ons kerke gebruik gebaseer is op die Masoretiese (Masoretic) Teks. In die Masoretiese Teks is daar nie sulke teenstrydighede nie.

**30. Bladsy 15**
"Sommige van die kwasi-wetenskaplikes (ook in Suid-Afrika) maak "berekeninge" dat al die diere, ook dinosourusse wat noodwendig die afgelope 6 000 moes bestaan, ook op die ark sou gepas het."

Weereens 'n *ad hominem* aanval. Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na John Woodmorappe se boek *Noah's Ark: A feasibility study*. Selfs *Talk.Origins*

(http://www.talkorigins.org/), wat alles behalwe pro-Christendom is, het die volgende te sê gehad tydens 'n kommentaar oor die boek.

> *"Woodmorappe's book is an impressive attempt to defend the concept of a global flood in which the entire land biosphere was saved by the ark. One of the characteristics of anything Woodmorappe writes is an extensive bibliography and this book is no exception. The book is well documented, having an estimated 1400 references. This makes the book an excellent bibliographic source, for entré to the literature of any issue as one is reading it. The book lacks an index which is a serious impediment to the usefulness of the book for further study and research. One of the best things is that there are few issues concerning the Ark which are not addressed. Because of this, anyone with a serious interest in the ark and its problems, or a student of the creationist movement should obtain a copy."*

Die outeur wil aanbeveel dat mnr Toerien oplees oor die aangeleentheid voor hy met *ad hominem* aanvalle voortgaan.

**31. Bladsy 15**

"Onder die bedrog wat uitgewys is, is die koolstoftoets wat op jong lawa laat doen is. Vir dié soort ouderdomsbepaling word verskillende ander soort toetse gedoen, waarvan dié van radioaktiewe verval die bekendste was. Die jong aarde kreasioniste is dus voor die toetsing daarop gewys dat die uitslag foutief sal wees, maar daar is vir die toetse betaal en aangedring dat dit gedoen word."

Met respek, voor mnr Toerien enige klagte van bedrog ondersteun en uitbasuin, moet hy hom dalk vergewis van die werklike feite. Die toets wat gedoen is, is nie koolstofdatering nie, maar K-Ar. Mnr Toerien word verwys na een van die meer gebalanseerde artikels rakende die aangeleentheid. Dit is getiteld *How Old Is the Mount St. Helens Lava Dome?* en te vinde by http://skeptoid.com/episodes/4146.

Die persoon wat die toets gedoen het is Dr Steve Austin van ICR. As mnr Toerien moeite gedoen het om meer as slegs na Dr Jurie van den Heever (met 'n bewese wrewel teen die jong aarde skeppingsleer en aanhangers daarvan) te luister en, soos 'n goeie wetenskaplike betaam, wel die inligting vir homself bevestig het, sou hy afgekom het op die oorspronklike studie. Die titel van die artikel is *Excess Argon within Mineral Concentrates from the New Dacite Lava Dome at Mount St. Helens Volcano*. Dit kan gevind word op die ICR se webwerf by http://static.icr.org/i/pdf/technical/Excess-Argon-New-Lava-Dome-at-Mount-St-Helens.pdf. Om dan ook te noem (op 'n ander forum, nie in hierdie bundel nie) dat *"As iemand van dr.Jurie verskil, moes dit darem destyds met hom opgeneem gewees het. Hy het die feite omomwonde aan die luiosteraars gestel"* hou ook nie heeltemal water nie. Mense wat in Texas woon (die persoon wat die studie gedoen het) en boonop nie Afrikaans magtig is nie, is normaalweg nie bekend as gereelde RSG luisteraars nie.

Bedrog is 'n baie ernstige aanklag. Elders in die bundel word hierdie lawa dateringsfiasko aangedui as Mount St. Helens. Daar was nie koolstofdatering aangevra nie. Om dit te verkondig is 'n leuen, maak nie saak of iemand met die titel *Doktor* dit op RSG gesê het nie. As daar so baie bewyse vir evolusie is, hoef mens mos nie te lieg om sogenaamde "kreasioniste" te laat sleg lyk nie.

Soos gesien kan word is daar geen teken van die bedrog wat mnr Toerien verkondig nie en ook geen teken van enige weerstand deur die laboratorium nie. Daar is duidelik vir die laboratorium aangedui dat lae argonvlakke verwag word (lees: dis jonk). In plaas daarvan dat die laboratorium aangedui het dat datering van hierdie rotsmonster onmoontlik is omrede die monster te jonk is vir die spesifieke metode, is daar tog resultate gelewer wat wissel van 340 000 tot 2 800 000 jaar. As mens die regte inligting vergelyk met wat mnr Toerien verkondig (via hoorsê van 'n radioprogram af) dan wonder mens hoe betroubaar is mnr Toerien se bronne nou eintlik?

ICR het intussen ook 'n nuwe artikel hieroor geplaas met die titel *30 Years Later, the Lessons from Mount St. Helens* by http://www.icr.org/article/a-30-years-later-lessons-mount-st-helens/. Dit is nogal die moeite werd om te lees.

Mnr Toerien word ook verwys na 'n ander geleentheid waar iets soortgelyks gedoen is. Die artikel is getiteld *Radioactive 'dating' failure* en is verkrygbaar op http://www.answersingenesis.org/creation/v22/i1/dating.asp.

Daar is 'n geleentheid gewees waar 'n koolstoftoets *wel* gedoen is om 'n vulkaanuitbarsting te dateer, maar dit was nie die lawa wat gedateer is nie (aangesien mens nie lawa *kan* dateer met koolstofdatering nie), maar wel hout wat *onder* die lawa gelê het. Die artikel is getiteld: *How do you date a New Zealand volcano?* en is te vinde by http://www.answersingenesis.org/creation/v13/i1/volcano.asp.

Nog 'n interessante artikel hieroor is getiteld: *More and more wrong dates – Radio-dating in Rubble*, beskikbaar by http://creation.com/more-and-more-wrong-dates-radio-dating-in-rubble.

Die outeur het op een van mnr Toerien se ander artikels op sy posterous blog http://hermantoerien.posterous.com/polarisasie-en-die-wegkalwe-van-die-middelgro kommentaar gelewer oor 'n haas ander onderwerp en word toe verwys na *No Answers in Genesis* (http://www.noanswersingenesis.org.au/) toe, 'n webwerf wat geaffilieer is met Australian Skeptics Inc (vreemde webwerf vir 'n Christen om te ondersteun) waar Steve Austin uitmekaar getrek word. Die outeur het egter steeds geen teken daarvan gekry dat daar vir *koolstof*datering gevra is nie.

Op 'n onlangse blog op http://hermantoerien.posterous.com/kreasionistiese-bedrog erken mnr Toerien eerstens die volgende:

> *"Ek het nie 'n fotogeniese geheue om die antwoord verbatim weer te gee nie."*

Dan gaan hy egter verder laer af in die stuk en skryf:

> *"Die Mount St Helens lawa. Soos ek onthou het dr. Jurie gesê die "creation science"-mense het 'n laboratorium betal om 'n koolstoftoeets op 'n rotsmonster te doen. Hierop handig hulel 'n stuk lawa in."*

Mnr Toerien erken dus ruiterlik dat hy nie met sekerheid kon onthou wat gesê is nie, maar dan verkondig hy dit menige kere en op verskeie fora as voldwonge feit. Hy is ook op verskeie kere deur die outeur en ander mense uitgewys na die regte artikel (soos hierbo ook gedoen) maar steeds weier hy om te erken dat die inligting wat hy versprei oor *koolstof*toetsing op jong Mount St Helens lawa foutief is.

Die outeur het via die Google soekenjin gesoek vir koolstofdatering van lawa en die enigste plek waar daar enigsins deur 'n aanhanger van die skeppingsleer genoem is dat koolstofdatering gebruik is by Mount St Helens was op http://answers.yahoo.com/question/index?qid=20100401064502AAx0UxH waar 'n duidelik oningeligte gebruiker die volgende geskryf het onder die opskrif *Evolutions, explain carbon dating?*

> *"in 1980Mmount St. Helens erupted and formed new rock when the lava cooled. Scientist did carbon dating test some of these rocks and there system told them the rocks were many millions of years old but really they were only like thirty years old. i don't understand how people can trust this system."*

Nodeloos om te sê, die arme persoon is vir alle praktiese doeleindes gekruisig oor sy duidelik oningeligte stelling.

Daar is nog meer voorbeelde, soos byvoorbeeld die lys op http://creation.com/radiometric-dating-questions-and-answers, maar die artikels hierbo gelys wys duidelik daarop dat mnr Toerien besig is met 'n strooipop. Koolstof-14 is uiteraard die verkeerde manier om lawa mee te toets. Maar dit is nie wat gebruik is nie. Om ons voormalige polisiehoof te parafraseer: Om dit te verkondig is 'n leuen. Finish en klaar.

**32. Bladsy 15**

"Die ander bekende voorbeeld wat gereeld gebruik word, is die dinosourusspore oor "mensspore." Hierdie bedrog is ook deeglik geboekstaaf."

Mnr Toerien verwys hierso na die "Paluxy tracks". Hierdie is ook deel van die dokument getiteld *Arguments we think creationists should NOT use* waarna verwys word in kommentaar 10 hierbo.

As mnr Toerien regtig op hierdie spoor wil gaan, is daar dosyne voorbeelde waar evolusioniste blatant mislei het om evolusie te bevorder. Voorbeelde is: Evolusie van die perd, Piltdown Man, Java man, pepermotte, Ernst Haeckel se embrio's (wat selfs vandag nog in sekere handboeke as feit verkondig word), Miller-Urey eksperiment, Nebraska man en Archaeoraptor. Kyk ook later waar sommige van hierdie voorbeelde in meer detail bespreek word.

**33. Bladsy 16**

"Hulle verkondig dat evolusie net 'n teorie is en nie bewys is nie."

Hierdie is ook deel van die dokument getiteld *Arguments we think creationists should NOT use* waarna verwys word in kommentaar 10 hierbo. Hierdie argument, tesame met "as ons van ape af kom, hoekom is daar nog ape" word slegs geopper deur wetenskaplik oningeligte mense. Om te sê dat "hulle" (wat by implikasie alle aanhangers van skeppingsleer insluit) die volgende sê is net so 'n growwe veralgemening as om te sê dat politici korrup is.

**34. Bladsy 16**
"Hulle haak baie vas in dit wat Darwin verkondig het, wat in wetenskapterme baie verouderd is. Daar word dus gereeld verkondig dat "evolusie die proses tot verbetering" behels – wat wetenskaplik vals is. Natuurlike seleksie het in die moderne konteks die "funksie" om nuwe, onsuksesvolle gemuteerde vorme uit te skakel."

Die proses tot verbetering is dalk wetenskaplik vals, maar mnr Toerien kan nie stry dat die netto effek (soos aan hom gestel op 'n Volksblad forum en deur hom ontwyk) van evolusie tot verhoogde kompleksiteit lei nie. 'n Eensellige organisme is minder kompleks as 'n meersellige organisme. As daar aan die begin (aldus die wetenskappe) slegs eensellige organismes was (en voor dit slegs molekules) en dat daar nou 'n magdom meersellige organismes is, dan is die *netto* effek mos vanaf minder kompleks na meer kompleks. Dit is nie noodwendig die geval in elke stap nie, maar die geheelprentjie is van minder na meer kompleks.

Indien mnr Toerien daarmee verskil, moet hy dalk die verslaggewers by News24 (wat nes Die Volksblad deel is van Media24) inlig dat dit nie so is nie. In 'n artikel getiteld Fossils show earlier evolution by http://www.news24.com/SciTech/News/Fossils-show-earlier-evolution-20100701 lees ons die volgende:

> *"Ever-more complex life forms emerged rapidly from there, eventually creating an evolutionary tree with homo sapiens atop one of its branches.*
>
> *"Multi-cellularity represents one of the principle thresholds in evolutionary history," Philip Donoghue and Jonathan Antcliffe from the University of Bristol said in a commentary, also in Nature.*
>
> *But the new organism, which appears to have lived in colonies, shows that the drive toward complexity began much sooner."*

**35. Bladsy 16**
"Uit hierdie vergissing word verkeerdelik aanvaar dat wanneer evolusie plaasvind, die oorspronklike vorm moet uitsterf. Die argument word dus voortdurend geopper dat sou die mens uit 'n aap ontwikkel het, waarom is daar dan steeds ape? Die valsheid van die argument word getoon deur die feit dat daar ook steeds eensellige organismes bestaan."

Hierdie is aangespreek in kommentaar 10 hierbo.

**36. Bladsy 16**
"Tog word tot vervelens toe gesê evolusioniste sê die mens stam "van die aap af."

Die bekende paleontoloog George Gaylord Simpson het die volgende te sê gehad hieroor.

> *"Apologists emphasize that man cannot be a descendant of any living ape -- a statement that is obvious to the verge of imbecility -- and go on to state or imply that man is not really descended from any ape or monkey at all, but from an earlier common ancestor. In fact, the common ancestor would certainly be called an ape or a monkey in popular speech by anybody who saw it. Since the terms* ape *and* monkey *are defined by popular usage, man's ancestors were apes or monkeys (or successively both). It is pusillanimous if not dishonest for an*

> *informed investigator to say otherwise." – G.G. Simpson, as quoted on p. 27 of LUCY: THE BEGINNINGS OF HUMANKIND, by Donald Johanson and Maitland Edey.*

Aap in die biologiese sin en aap in die spreektaal is nie noodwendig dieselfde ding nie. Die stelling is dus korrek. Inteendeel, Simpson noem dit lafhartig as 'n "ingeligte" persoon die stelling afskiet.

**37. Bladsy 16**

"Jong aarde kreasioniste beweer gereeld evolusie is nog nooit waargeneem of bewys nie. Onder die teenargumente tel dat deurlopende en soms selfs vinnige verandering gereeld waargeneem word, soos die Vigs-virusse wat so vinnig muteer dat dit nog nie moontlik was om 'n teenmiddel te ontwikkel nie."

Wat gewoonlik in daardie stelling bedoel word is evolusie op die skaal van molekules-tot-alles. Ook bekend in skeppingsleerkringe as makro-evolusie. Waar 'n reptiel byvoorbeeld afstam van 'n vis af. Daardie skaal van evolusie is nog nooit waargeneem nie. Daar is byvoorbeeld baie evolusie aanhangers wat die groeiproses van 'n padda gebruik om hierdie te bewys. Dit is egter foutief, aangesien daardie proses reeds in die padda se DNA ingeprogrammeer is. Dit is nie evolusie-in-aksie nie.

Die volgende artikels mag dalk vir mnr Toerien interessant wees.

- *Antibiotic Resistance of Bacteria: An Example of Evolution in Action?* by http://www.answersingenesis.org/articles/am/v2/n3/antibiotic-resistance-of-bacteria
- *Darwin's finches: Evidence supporting rapid post-Flood adaptation* by http://creation.com/darwins-finches
- *Swine flu—Is it evidence of evolution?* by http://creation.com/swine-flu-is-it-evidence-of-evolution
- *CMI's response to PBS-TV series Evolution - Episode 1: Darwin's Dangerous Idea* by http://creation.com/response-to-pbs-nova-evolution-series-episode-1-darwins-dangerous-idea
- Worm evolution in pollution? by http://creation.com/worm-evolution-in-pollution
- *Superbugs not super after all* by http://creation.com/superbugs-not-super-after-all

Daar het onlangs 'n paar pragtige artikels uitgekom wat baie duidelik aandui dat mutasies 'n uiteindelike doodloopstraat is en nie lei tot nuwe spesies nie.

- *100 Years of Fruit Fly Tests Show No Evolution* by http://www.icr.org/article/a-100-years-fruit-fly-tests-show-no-evolution/
- *No Fruit Fly Evolution Even after 600 Generations* by http://www.icr.org/article/no-fruit-fly-evolution-even-after-600/
- *Mutations: evolution's engine becomes evolution's end!* By http://creation.com/mutations-are-evolutions-end

**38. Bladsy 17**
"Jong aarde kreasioniste beskou hulle as sulke kenners oor evolusie dat hulle selfs verskillende benaderings tot evolusie "geïdentifiseer" het. Die "benaderings" bestaan egter net in hul eie opvattings en word as strooipoppe opgestel om vol gate te skiet. Die wetenskaplikes self erken nie die "banaderings" nie."

Die outeur is nuuskierig om te weet van watter benaderings mnr Toerien hier praat.

**39. Bladsy 17**
"Jong aarde kreasioniste verwar die vakgebied paleontologie met evolusie"

Dit is 'n maklike fout om te maak, aangesien fossielbewyse (paleontologie) 'n groot gedeelte uitmaak van die bewyse vir evolusie. Selfs al is die Teorie van Evolusie deel van die biologiese dissiplines, speel die paleontologie 'n groot rol.

**40. Bladsy 17**
"By die UV word bv met organismes uit die Stilfonteinmyn gewerk wat 3 000 miljoen jaar gelede deur die Vredefort-impakkrater ondergronds geslaan is."

Selfs al stem die outeur nie saam met die ouderdom nie, wil hy net graag vir mnr Toerien daarop let dat die amptelik aanvaarde ouderdom vir die Vredefortkoepel 2 023 ±4 miljoen jaar is, nie 3 000 miljoen jaar, soos genoem in die dokument nie.
Bron: http://www.vredefortdomewhs.co.za/

**41. Bladsy 17**
"Jong aarde kreasioniste se kwasi-wetenskaplikes gee hulself graag as kenners in wetenskappe uit waarin hulle geen erkende opleiding het nie. Baie se "doktorsgrade" in "wetenskap" is by nie-gekrediteerde Bybelskole verwerf. Hul boeke ens word dus voor die voet met gemak gediskrediteer."

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na http://creation.com/who-we-are-the-people-involved. Die volgende persone word vlugtig uitgelug:

- Don Batten – PhD in Plantfisiologie, Sydney Universiteit
- Tas Walker – PhD in Meganiese Ingenieurswese en B.Sc. in Aardwetenskappe, Queensland Universiteit
- David Catchpoole – PhD in Plantfisiologie, University of New England (NSW)
- Pierre Jerlström – PhD in Molekulêre Biologie, Griffith Universiteit, Queensland
- Mark Harwood – PhD in Elektriese Ingenieurswese (Antenna-ontwerp), Sydney Universiteit
- Emil Silvestru – PhD in Geologie, Babes-Bolyai Universiteit, Romenië
- Jim Mason – PhD in Eksperimentele Kernfisika, Queens Universiteit, Kingston, Ontario, Kanada
- Johan Kruger – PhD in Dierkunde (Nematologie), Rand Afrikaans Universiteit
- Jonathan Sarfati – PhD in Fisiese Chemie, Victoria Universiteit, Wellington, NZ
- Rob Carter – PhD in Marine Biologie, Miami Universiteit

Ander bydraers sluit in:
- Peter Line – PhD in Neurowetenskap.

- Douglas Kelly – PhD in Sistematiese Teologie, Reformed Theology Seminary, in Charlotte, North Carolina (hier is 'n Bybelskool "dr", maar dit is 'n teologiese graad, dus maak die Bybelskool sin).
- Russell Humphreys – PhD in Fisika, Louisiana State Universiteit

Die outeur wil verder vir mnr Toerien verwys na http://www.answersingenesis.org/home/area/bios/. Die volgende persone word vlugtig uitgelug:

- Prof. Maciej Giertych – PhD by Toronto Universiteit, D.Sc. by Poznan Universiteit, Pole. Hoof van die Genetika Departement, Poolse Wetenskap Akademie.
- André Eggen – PhD in Dieregenetika by Federale Instituut vir Tegnologie, Switserland.
- Donald deYoung – PhD in Fisika by Iowa State University
- John Baumgartner – PhD in Geofisika en Ruimtefisika by Universiteit van Kalifornië, Los Angeles
- Steven Austin – PhD in Geologie by Pennsylvania State Universiteit
- Theo Agard – PhD in Fisika by Toronto Universiteit

As mens na die lys van mense hierbo kyk, asook die res van die mense op die bostaande skakels is dit duidelik dat die stelling wat deur mnr Toerien gemaak word ongetwyfeld 'n doelbewus oningeligte en kwaadwillige *ad hominem* aanval is. Die outeur ontken nie dat daar sulke persone, soos genoem deur mnr Toerien, is wat die vaandel swaai van die jong aarde skeppingsleer nie. Hulle is egter in die minderheid. Die jong aarde skeppingsleer bestaan uit meer as net Kent Hovind. Kyk ook:

- *Creation scientists and other specialists of interest* by http://creation.com/creation-scientists
- *Scientists alive today who accept the biblical account of creation* by http://creation.com/scientists-alive-today-who-accept-the-biblical-account-of-creation
- *In Six Days* by http://creation.com/in-six-days

Die outeur sal ook met graagte vir mnr Toerien verwys na 'n paar uitstekende boeke wat handel oor verskeie aspekte van die skeppingsleer, almal geskryf deur mense met hoë kwalifikasies in die betrokke vakgebied.

**42. Bladsy 18**

"Hoe is dit moontlik dat mense, ook hier en daar mense wat duidelik behoort te weet die aarde kan nie 6 000 oud wees nie, in staat is dit wel te glo? 'n Student wat onlangs by 'n kerk se studente-Bybelstudie 'n bespreking oor kultusse bygewoon het, meen dit het baie ooreenkomste met kultusvorming."

Wat is hierdie student se bevoegdheid om hierdie stelling te maak, afgesien daarvan om nie saam te stem met die mense se opinie nie? Hierdie is 'n klassieke voorbeeld van 'n "guilt by cultural association" aanval. Die woord kultus het 'n negatiewe konnotasie (dink onder andere Waco, Texas). Dit is argumentering en joernalistiek van die laagste graad en is gevaarlik naby aan laster.

**43. Bladsy 18**
"Die bykanse Messiaanse verering wat "dr" Kent Hovind by sy aanhangers opbou, herinner skerp hieraan. Sy leerstellings is al soveel keer deur beide topwetenskaplikes en skoolkinders wat wetenskap op skool neem as verspot bewys, maar sy aanhangers is hiervoor siende blind en horende doof."

Die jong aarde skeppingsleer "beweging" (as mens dit so iets wil noem) bestaan uit baie meer as Kent Hovind. Hy is meeste mense se eerste blootstelling tot die gebied, aangesien sy DVD's gratis versprei mag word. Ten spyte van sy eie foute en die foute met sy leerstellings is hy 'n aanbieder wat dit regkry om sy gehoor betrokke te hou, selfs al kyk mens die DVD. Sy DVD's was ook die outeur se eerste kennismaking gewees met jong aarde skeppingsleer, maar daar is vlugtig aanbeweeg van daar af na meer vaste kosse.

As mnr Toerien enigsins meer opgelees het oor die aangeleentheid sou hy opgemerk het dat die verhouding tussen Kent Hovind en hoofstroom skeppingsleer organisasies ietwat aan die koue kant is. Hy is wat in Engels genoem word 'n "fringe element". Meeste van sy leerstellings word ook as verspot geag deur skeppingsleer organisasies.

Sy bykans Messiaanse verering is in ieder geval niks verskillend van die verering wat prof. Richard Dawkins kry by voetsoolvlak ateïste en selfs deïstiese evolusioniste nie.

**44. Bladsy 18**
"In die woorde van prof. Amie van Wyk, voormalige redakteur van Die Kerkblad is die belangrike vir die Nuwe Testamentiese Christen die wederskepping, of te wel die Wederkoms."

Is dit verkeerd om hieruit af te lei dat die Nuwe Testamentiese Christen (wat terloops toutologie is) dus die Ou Testament moet eenkant toe skuif? Die Bybel het 66 boeke, nie 27 nie.

**45. Bladsy 18**
"Immers word 'n mens se saligheid nie bepaal oor sy opvatting oor hoe God die skepping behartig het nie, maar of hy Jesus as sy Verlosser en Saligmaker aanvaar. En as hy hét, hoe sal hy as beelddraer van God leef?"

Jesus word ons Verlosser genoem. Soos hierbo in kommentaar 13 genoem skryf Paulus vir ons in Romeine 5 dat sonde deur een mens in die wêreld ingekom het en dat die genade ook deur een mens, Jesus Christus, vir ons gekom het. As die gedeelte in Romeine 5 verkeerd is, dan word Jesus verlaag na 'n masochistiese Jood wat aandag gesoek het. Paulus (geïnspireer deur die Heilige Gees) is tog ondubbelsinnig daaroor. Sonde het deur *een mens* in die wêreld ingekom. As dit nie Adam was nie, wie was dit dan?

**46. Bladsy 18**
"Vir jare het die NG Kerk 'n "veilige hawe" vir Deïstiese evolusioniste gebied. Nou is hy versoek om die NG Kerk se amptelike standpunt te stel, en het sy persoonlike mening verskaf. In die proses het hy die standpuntstelling van dr. Kobus Gerber, in die Kerkbode, dat die NG Kerk nie kreasionisme aanvaar nie, effektief gerepudieer. Of so, is dit altans, deur baie kreasioniste aanvaar en as klippe teen die Deïstiese evolusioniste

begin gebruik. Die NG Kerk het sedertdien ook sy amptelike standpunt soos voorheen her-uitgereik, wat ook in wese prof. Strauss repudieer."

Die NG Kerk se enigste amptelike standpunt rondom die saak, soos reeds meer as een keer vantevore genoem, is dat God geskep het. Rakende evolusie (deïsties al dan nie) het die NG Kerk steeds geen amptelike standpunt nie. Die NG Kerk is dus steeds 'n "veilige hawe" vir aanhangers van deïstiese evolusie.

**47. Bladsy 19**
"In die brief herhaal ene Frikkie Koen die rympie dat evolusie nie bewys is nie."

As die mnr Toerien enigsins Frikkie Koen se kommentaar en briewe op Volksblad gevolg het, sou hy sonder te veel moeite agterkom dat Frikkie Koen nie juis wetenskaplik vaardig of ingelig is nie. Om een oningeligte aanlyn kommentator te gebruik om alle aanhangers van die skeppingsleer oor dieselfde kam te skeer is kwaadwillig om die minste te sê.

**48. Bladsy 21**
"Ek het gou gewonder hoe dit moontlik is dat iemand met 'n IK bo twee kan glo dat die aarde 6 000 jaar oud is (dit staan immers nie in die Bybel nie), en kan ook nie daaruit afgelei word as 'n mens die geringste teologiese en taalkennis het nie."

Vir presies dieselfde rede kan daar ook nie afgelei word dat die aarde miljarde jare oud is nie. Inteendeel, om dit te kan glo, moet mens glo dat die Bybel foute bevat.

Tegniese punt. Die outeur wil net graag vir mnr Toerien daarop wys dat daar nie van enigiemand met 'n IK onder 70 verwag word om enigiets te begryp wat in hierdie kommentaar geskryf staan nie. Mense met 'n IK onder 20 het die ekwivalente ouderdom van 'n 2-jarige. Kan 'n mens mnr Toerien se opmerking as tong-in-die-kies lees? Seker. Dit is egter meer waarskynlik dat mnr Toerien hierdie eerder bedoel het as 'n belediging en *ad hominem* aanval.

**49. Bladsy 22**
"Die jong aarde kreasioniste haak vas by koolstoftoetsing vir ouderdomsbepaling, wat wel deug vir toepaslike items uit hul verwysingsraamwerk van 'n aarde van nie ouer as 6 000 jaar nie. Dit is egter onbruikbaar wanneer iets veel ouer is, en hier word van metodes soos paleomagnetisme en die halfleeftyd van elemente gebruik gemaak."

Tegniese punt. Koolstofdatering maak ook gebruik van die halfleeftyd van 'n element. Koolstof-14 in hierdie geval.

Mnr Toerien word versoek om asseblief nie alle aanhangers van die skeppingsleer oor dieselfde kam te skeer omdat 'n paar oningeligte mense die oningeligte stellings maak nie. Op http://www.volksblad.com/MyVolksblad/JouStorie/Se-jou-se-Oerknal-of-God-20100903 maak gebruiker Juan die volgende stelling teenoor gebruiker gerhard:

> *"'bid' en 'oe toemaak en hoop iets gebeur' is presies dieselfde ding. Gaan lees enige biologie boek: slange het nie stembande nie. En volgens koolstofdatering (carbon dating) is die aarde oor biljoene jare gevorm - 7 dae is onmoontlik. ens, ens, ens, ens,"*

Kan ons dus hieruit aflei dat ateïste ook vashaak by koolstofdatering? Seker, maar dit sou nie ‘n regverdige oordeel gewees het nie.

Nog iets wat opmerklik is vanuit hierdie aanlyn fora is dat die ateïste en die Christene wat in ’n ou aarde glo beide laer trek teen die skeppingsleerders en versuim om mekaar se foute uit te wys, maar dit eerder toedig (direk of via strooipop) aan die skeppingsleerders. Wee egter die skeppingsleerder wat dieselfde fout durf maak!

**50. Bladsy 23**

“European Council Resolution 1580 (2007)
The dangers of creationism in education”

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na CMI se kommentaar oor die betrokke resolusie. Dit is nie so voor-die-hand-liggend soos wat voorgegee word nie. Die kommentaar is getiteld *When will Europe wake up?* en is beskikbaar op http://creation.com/when-will-europe-wake-up.

**51. Bladsy 27**

“Die vierde groep word dikwels verkeerdelik gelyk gestel aan die “intelligent design.” Hul korrekte naam is Deïstiese evolusioniste, ook soms Teïstiese evolusionisme genoem. Hulle glo God skep en gebruik evolusie as meganisme. Christen-paleontoloë maak die grondslag hiervan uit, en vandag is dit die amptelike standpunt van die NG Kerk en die Hervormde Kerk... Daar is uiteraard baie predikante en lidmate wat nie die standpunte deel nie. Die Gereformeerde Kerke (Doppers) se formele sinodebesluit is ook hiermee versoenbaar, maar baie verwarring bestaan onder lidmate en predikante oor die werklike standpunte wat deels veroorsaak is deur die mediaverklaring wat na die sinodebesluit uitgereik is, en ’n ander standpunt gestel het.”

Soos menigmaal al genoem, dit is gewoon onwaar om te skryf dat deïstiese evolusie die amptelike standpunt van die NG Kerk is.

Die skrywe wat uitgegaan het na “Alle Kerkrade binne die GKSA” gedateer 14 November 2006 stem alles behalwe saam met die stelling wat mnr Toerien maak ten opsigte van die Gereformeerde Kerke. Die GKSA neem hierin ’n baie sterk standpunt teen evolusie in. Die enigste toegif wat die GKSA maak ten opsigte van jong aarde al dan nie is rakende die skeppingsdae.

> *“Die dag met sy aand en sy more kan kennelik* geen periode *wees nie.”*

Dit laat hulle standpunt veel eerder iewers tussen jong aarde en ou aarde skeppingsleer val. Rakende deïstiese evolusie het hulle die volgende te sê.

> *“Party Christene wil hierdie evolusionistiese proses aanvaar, maar glo steeds dat God geskep het. Hulle idee dat God deur evolusie sou skep word Teïstiese evolusie genoem.”*

Terug op die onderwerp van deïstiese evolusie. Evolusie kan opgesom word met die volgende “vergelyking”:

> *Evolusie = materie + evolusionêre faktore (kans en noodsaaklikheid + mutasie + keuse + isolasie + dood) + baie lang tydperke.*

Die sogenaamde deïstiese evolusie voeg bloot God by die vergelyking, amper as 'n nagedagte. Die versoeking is groot om God eerder met 'n kleinletter te skryf in die onderstaande vergelyking weens die nagedagte-aard daarvan.

> *Evolusie = materie + evolusionêre faktore (kans en noodsaaklikheid + mutasie + keuse + isolasie + dood) + baie lang tydperke + God.*

In hierdie stelsel is God nie meer die almagtige Here van die skepping, wie se Woord ernstig opgeneem moet word deur alle mense nie, maar Hy word bloot geïntegreer in die evolusionêre filosofie. Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na 'n artikel getiteld *10 dangers of theistic evolution* by http://creation.com/10-dangers-of-theistic-evolution. Die vorige stuk is daaruit geneem.

**52. Bladsy 28**

"Wedersydse beskuldigings van bedrog is volop. Jong aarde kreasioniste verwys graag na die ouderdomme van fossiele as bedrog, en selfs dat dit "vervaardig" word."

Dit mag dalk die geval wees. Wat egter ook baie waar is, is dat sulke ouderdomme bloot verkeerd geïnterpreteer word. Daar is onlangs (September 2010) 'n fossiel gevind van 'n Mosasourus in Suid Dakota in die VSA waar daar nog van die kraakbeen gevind is. Dit is natuurlik onmiddellik gedateer as 80 miljoen jaar oud, ten spyte van studies wat gedoen is wat daarop dui dat die halfleeftyd van die kollageen in die kraakbeen tussen 10 en 1000 jaar is. Die outeur sal dit maar vir mnr Toerien los om te bepaal hoeveel kraakbeen nog behoue sal wees na 80 miljoen jaar as kollageen ten beste 'n halfleeftyd van minder as 20% so lank soos koolstof-14 het. Dit is baie interessant dat dit makliker is vir paleontoloë om te glo dat kraakbeen vir 80 miljoen jaar bewaar kon word as dat die fossiel dalk slegs 'n paar duisend jaar oud is. Relevante artikels hieroor

- *School of Mines paleontologists make monster find* by http://www.rapidcityjournal.com/news/article_fe339138-dd7c-11df-87de-001cc4c002e0.html.
- *How Long Can Cartilage Last?* by http://www.icr.org/article/how-long-can-cartilage-last/.
- *Proteases: Facilitating a Difficult Reaction* by http://www.ncbi.nlm.nih.gov/bookshelf/br.fcgi?book=stryer&part=A1170.

'n Baie interessante aanhaling hieroor kom van Dr Greg Kirby in 'n debat by die Biology Teachers Association (S.A.) in 1976. Dr. Kirby was 'n senior lektor in Population Biology by Flinders University en het die kant vir evolusie geargumenteer. Dr Carl Wieland het die kant vir skepping verteenwoordig. Die aanhaling:

> *""… not being a paleontologist, I don't want to pour too much scorn on paleontologists, but if you were to spend your life picking up bones and finding little fragments of head and little fragments of jaw, there's a very strong desire there to exaggerate the importance of those fragments …"*

Daar is ook gevalle van bedrog aan die kant van die evolusie-aanhangers wat verrykende gevolge het. Die tekeninge van Ernst Haeckel wat al meer as 'n honderd jaar terug uitgewys is as bedrog word nou nog as bewyse vir evolusie gebruik en in skool- en universiteithandboeke genoem as feit. As daar so baie bewyse vir evolusie is (meer as

wat die aarde rond is) hoekom moet daar dan steeds staatgemaak word op iets wat meer as 'n eeu terug al uitgewys is as, nie net foutief nie, maar *bedrog*? Verwys graag na *Fraud rediscovered* by http://creation.com/fraud-rediscovered.

Wetenskap is veronderstel om self-korrigerend te wees, en dit word ook gereeld op aanlyn fora genoem dat gevalle van bedrog, soos Archaeoraptor (legkaart van verskillende voël- en dinosourusfossiele), Piltdown Man (legkaart van verskillende spesies) en Nebraska Man ('n vark se tand wat deur slim mense voorgestel is as 'n man en vrou en troeteldiere), deur evolusionêre wetenskaplikes uitgewys word. Die probleem blyk te wees dat wanneer dit by evolusie kom, die self-korrigerende eienskappe van die ware wetenskap uiters stadig werk. Piltdown Man is vir meer as 40 jaar verkondig as die waarheid en Haeckel nou al vir meer as 140 jaar.

En dan word daar gewonder hoekom word evolusie met 'n geloof vergelyk...

**53. Bladsy 32-33**

"Wat egter ou aarde en jong aarde koppe gaan laat stamp is die oorgangseienskappe waaroor sediba beskik. Hierdie oorgangseienskappe maak dit ook geen uitgemaakte saak dat sediba 'n regstreekse voorouer van die mens was nie, nog 'n krapperigheid vir kreasioniste. Kreasioniste verkondig graag dat die "evolusieteorie" impliseer dat nuwe vorme noodwendig as verbeterde of progressiewe vorme op die voorgangers volg. Verskeie faktore maak dat dit in 'n mate geldig is – swakker vorme sal moeiliker oorleef, wat 'n mens na Darwanisme en natuurlike seleksie terugvoer. Dit is egter net 'n baie klein deeltjie van die prentjie, en ander mensevorme (waarvan 'n "nuwe" subspesie onlangs ontdek is toe die DNA van 'n beentjie van 30 000 jaar oud ontleed is), het soms honderde duisende jare lank oorleef voor hulle uitgesterf het, byvoorbeeld die Neandetalmens, wat lank saam met die moderne mens op aarde gewoon het, en 'n baie ouer nefie, homo habilis. Hulle was nie voorouers van die moderne mens nie. ...
Saam-saam maak hierdie vonds mites van die laaste krieseltjies argumente van kreasioniste, veral jong aarde kreasioniste. Kreasioniste wat – soos onlangs histeries op Volksblad se webwerf – aangedring het om bewyse te sien, kan nou gaan kyk en hoef nie bedrewe paleontoloë te wees om self te kan sien nie. Hierdie vonds kan vergelyk word met 'n ooreenstemmende bewyslas dat die aarde rond is."

Mnr Toerien noem duidelik dat *A. sediba*, asook *Homo neanderthalensis* en *Homo habilis* nie voorouers was van die moderne mens nie. Dit maak dus 'n onwaarheid van sy stelling dat die laaste krieseltjies argumente van skeppingsleerders nou mites geword het. Die ouderdom van die aarde is bloot een van die kwessies waaroor jong aarde skeppingsleerders sterk voel. 'n Ander belangrike een is juis die sogenaamde evolusie van die mens. Daar is nie 'n direkte stamboom van *Homo sapiens* nie. *A. sediba* is tereg nie 'n direkte voorouer van *Homo sapiens* nie, wat beteken dat die skeppingsleerders se argumente nie die mites geword het soos wat mnr Toerien graag hoop nie.

Die outeur en sy vrou was die naweek van 16 Oktober 2010 by die Maropeng museum net buite Magaliesburg gewees. Dit is in die sogenaamde Wieg van die Mensdom of "Cradle of Humankind". 'n Gedeelte van die vertoonlokale wys die evolusie stambome van verskeie moderne diere, soos byvoorbeeld die olifant en perd. Tussen hierdie word 'n stamboom van die mens gevind wat aandui dat die stamboom van *Homo sapiens* soos volg loop:

*Australopithecus africanus → Homo habilis → Homo ergaster → Homo neanderthalensis → Homo sapiens.*

Dalk moet mnr Toerien die instansie skakel en inlig van die onwaarhede wat hulle verkondig aangesien dit blyk dat hy die "waarheid" hoog op prys stel.

Die argument rondom bewyslas dat die aarde rond is, is hierbo aangespreek in kommentaar 19.

**54. Bladsy 33**

"'n Verstommende streep mense sien kans om hul onkunde uit te stal deur op skrif of oor die lug te beweer die aarde is 6 000 jaar oud. Dit is die jong aarde kreasioniste wat 'n alternatiewe "wetenskap" oprig en liggelowiges opkommandeer."

Met respek aan mnr Toerien, maar noem hy die mense soos gelys hierbo in kommentaar 41 liggelowig?

**55. Bladsy 34**

"In die verhale en mites oor transatlantiese reise (baie per ongeluk) word bykans geen Westerse volk nie betrek nie – van die ou Kelte, die Iere, Romeinse galeie, Fenisiese skepe, en natuurlik antieke Egiptenare, die 14de eeuse Maliese koning, en vele meer. As net 'n klein deeltjie hiervan op 'n vorm van waarheid geskoei is – 'n antieke skip of twee wat in 'n storm van koers gewaai is, dan sal heelwat inderdaad verklaar word. Maar baie word nie verklaar nie. Die Nuwe Wêreld het so ver bekend nie die wiel geken nie, hoewel van die medisynemanne in Noord-Amerika ronde sirkels met klippe uitgepak het, bekend as medisynewiele. Verskeie reuse grafiese uitlegte op die grond, in beide Suid- en Noord-Amerika wil-wil mens laat glo dat die Indiane dalk in staat was om primitiewe warmlugbalonne te bou. Daar is trouens bewys dat materiaal wat antieke beskawings aan die woestynkus van Peru materiaal geweef het wat dig genoeg was om vir warmlugbalonne te gebruik. Maar voor dit uitgepluis was is kortpad na 'n verklaring van ruimteskepe gesoek. Talle bewerings en "bewyse" vir besoeke uit die ruimte word ook geopper. Die teelaarde, so lyk dit, van jong aarde kreasioniste."

Met respek teenoor mnr Toerien, maar wat het hierdie enigsins te make met die oorkoepelende tema van skepping vs. evolusie?

Met besoeke uit die ruimte behoort mnr Toerien eerder te gaan kers opsteek by prof. Richard Dawkins wat in die dokumentêre program, *Expelled*!, die idee dat buiteruimtelike wesens verantwoordelik kon wees vir die ontstaan van lewe as 'n *"intriguing possibility"* beskou. Met die trant van strooipoppe en oningeligte *ad hominem* aanvalle van mnr Toerien se kant af is die outeur aangenaam verras om te sien dat jong aarde skeppingsleerders nog nie vergelyk is met aanhangers van 'n plat aarde nie. Daar word plek-plek daarheen geskimp, maar tot op hede in die bundel is dit darem nog nie in soveel woorde genoem nie.

**56. Bladsy 35**
"Hoewel die meeste argeoloë die Titicacameer-beskawings tot hoogstens 'n 1 500 jaar voor Christus terugvoer, maar meestal na die orde van 500 nC, is die mites en opvattings gekoppel aan die 15 000 jaar oue beskawing veel interessanter."

Natuurlik sal die ouer mites vir mnr Toerien meer interessant wees, aangesien dit sy voorveronderstellings pas. Mnr Toerien is klaarblyklik 'n groot aanhanger van wetenskaplike demokrasie (meerderheid opinie is geldig), maar ignoreer dit wanneer dit hom pas. As die meeste argeoloë van mening is dat die geskiedenis van die area hoogstens 3500 jaar terugstrek, dan is dit die algemeen aanvaarde opinie. 'n Mens moet konsekwent wees in wat jy glo.

**57. Bladsy 35**
"Die beweerde verskriklike ou ouderdom van die ruïnes by Titicaca word toegeskryf aan die identifisering van strukture wat bedoel was om astronomies gerig te wees. Nou "kyk" hierdie strukture na niks in besonder nie, wat beteken soveel tyd moes verloop het dat die uitdyende heelal veroorsaak dat besondere sterre en konstellasies nie meer is waar hulle was nie."

Dit is nie die uitdyende heelal wat dit veroorsaak nie. Dit word hoofsaaklik veroorsaak deur planetêre presessie en tot 'n baie mindere mate deur ons son se wentelbaan om die middelpunt van die Melkweg. Die uitdyende heelal speel amper geen rol hierin nie.

Nie dat die jong aarde skeppingsleer enigsins 'n probleem het met 'n uitdyende heelal nie. Dat die rooiverskuiwings op sterre se spektrum-analise veroorsaak word deur die Doppler-effek en 'n uitdyende heelal is die mees waarskynlike interpretasie. Lees gerus enige boek van John Hartnett of Russell Humphreys om dit te bevestig.

**58. Bladsy 35**
"Trouens, so baie van hierdie soort stories word inmekaar geweef, met selfs internasionale kongresse, dat dit nou mooi trap op die internet kos om nie 'n hele ent in 'n verslag van die jong aarde kreasioniste in te lees voor 'n mens eers besef in watter bynes van kwasi-wetenskap 'n mens jou nou begeef het nie."

Dit is nogal ironies dat mnr Toerien so 'n mening handhaaf terwyl hy self kwasi-wetenskap glo rakende die ouderdom van die nedersettings langs die Titicacameer. Klaarblyklik is enige wetenskapsleer wat verskil van die algemeen aanvaarde paradigma, kwasi-wetenskap. Verwys na kommentaar 56 hierbo.

**59. Bladsy 35**
"'n Voor die hand liggende verduideliking is moontlik dat mense grootgemaak word met die leerstelling dat die aarde sowat 6 000 jaar oud is. Hoewel dié "berekening" eers betreklik onlangs deur 'n Ierse geestelike gemaak is, loop die spore verder terug, soos die Joodse kalender wat by die instelling daarvan aangeneem het dat Moses die eerste vyf boeke van die Bybel se outeur was. Hoewel die verskillende berekenings nie presies dieselfde som oplewer nie, verskil hierdie soort berekening nie veel nie."

'n Mens moet jouself dalk die vraag afvra of die Jode nie dalk geweet het wat hulle doen nie. Hulle was immers daar. Of is enige teologiese uitleg wat saamstem met 'n voor-die-hand-liggende lees van die Bybel verkeerd?

**60. Bladsy 36**
"Dit gee dus geen terrein vir debat nie, omdat die wetenskap vir so ŉ "debat" ŉ reuse paneel sou moes opstel wat na so veel as moontlik fasette moet kyk, terwyl die jong aarde kreasioniste een allesweter bring. Het die jong aarde kreasionis ŉ "dr" voor sy naam, is dit gewoonlik ŉ ere-doktorsgraad van ŉ teologiese skool uit die fundamentalistiese beweging."

Met respek aan mnr Toerien, maar voldoen enige van die mense soos gelys hierbo in kommentaar 41 aan hierdie growwe veralgemening? Dit is niks anders as ŉ *ad hominem* aanval nie. Die outeur wil sover gaan om vir mnr Toerien te versoek om skriftelik om verskoning te vra vir die mense op die lys vir sy kwaadwillige belediging.

**61. Bladsy 36**
"Nie net dat die aarde 6 000 jaar oud is nie, maar dat die wetenskaplikes wat dit anders het bedrieërs is..."

Dit is foutief. Alles gaan op die ou einde oor die interpretasie van die feite aan die hand van ŉ mens se voorveronderstellings. Dat daar gevalle van bedrog aan beide kante van die spektrum was is gewis. Dat alle wetenskaplikes wat beweer die aarde is meer as 6000 jaar oud bedrieërs is, is foutief. Dié wat bedrog gepleeg het is wel. Die res is nie. Ons daag bloot hulle interpretasie van die feite en hulle aannames uit.

**62. Bladsy 36**
"Dus verskyn daar gereeld briewe van jong aarde kreasioniste met stellings soos "Christene glo die aarde is 6 000 jaar oud" (wat nie deur die vernaamste hoofstroomkerke geglo word nie), die wetenskaplikes pleeg bedrog, die vermiste skakel / tussenvorme ontbreek (sug, watter ontbreek?), en vele meer."

Daar is vermiste skakels in die stamboom van Homo Sapiens. Dit is bloot foutief om te beweer dat daar ŉ ononderbroke stamboom van Homo Sapiens is. Aannames, hipoteses, en dies meer, maar geen konkrete bewyse nie.

Stephen J Gould, wat 'n evolusionis was, is seker die beste bewys teen evolusie. Hy het gepunktueerde evolusie ontwerp juis omdat hy besef het dat daar nie voldoende oorgangskakels is nie. Verwys na *Gould grumbles about creationist* 'hijacking' - http://creation.com/gould-grumbles-about-creationist-hijacking).

Colin Patterson is ook 'n voorbeeld van 'n evolusionis wat erken dat daar nie oorgangskakels is nie. Verwys na *That quote! - about the missing transitional fossils* - http://creation.com/that-quoteabout-the-missing-transitional-fossils).

Vir nog baie aanhalings, kyk http://www.glodiebybel.co.za/skepping-vs-evolusie-m/59-aanhalings-kat/153-aanhalings-vermiste-skakels.html.

**63. Bladsy 37**
"Dit bring ŉ mens terug by die vraag: Hoekom keer mense hul rug op die wetenskap en teologie, en hang iets wat so ongeloofwaardig en eintlik belaglik is aan?"

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na ŉ paar getuienisse oor hierdie saak. As mnr Toerien niks anders van die skeppingsleer webwerwe wil lees nie, as gevolg van sy afkeur daarin, moedig die outeur hom wel aan om hierdie te lees.

- *From Evolution to Creation: A Personal Testimony* en is verkrygbaar by http://www.icr.org/article/from-evolution-creation-personal-testimony/
- *From (theistic) evolution to creation* by http://creation.com/from-theistic-evolution-to-creation
- *A testimony: 'Joel Galvin'* by http://creation.com/a-testimony-joel-galvin
- *Why I rejected 'theistic evolution'* by http://creation.com/why-i-rejected-theistic-evolution

Daar is nog vele sulke getuienisse van mense wat hul rug op evolusie draai en die skeppingsleer aangryp as mnr Toerien net bereid is om te soek. Kyk ook na *Hoe evolusie mense se geloof beïnvloed* by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/52-hoe-evolusie-mense-se-geloof-beinvloed.html

**64. Bladsy 37**

"'n Eerste moontlike verduideliking is dat mense se algemene kennis erg uitgedun is. Drie-vier dekades gelede kon mense die hoofstede van die wêreld en die meeste lande se staats- of regeringshoofde uit hul kop oprits. Vandag – wie het byvoorbeeld Olaf Palme in Swede opgevolg, of is nou die premier of koning? Of nog erger, wie is nou Lesotho se premier? En selfs die koning? Dis lank nie meer Leabua Jonathan en Koning Mosjesj II nie. Sonder kennis is 'n mens oop om enige ding wysgemaak te word."

Hoeveel ateïste of aanhangers van evolusie, selfs deïstiese evolusioniste, weet dit? Omdat hulle dit nie weet nie, kan ons dan aanvoer dat hulle ook oop is om enige ding (lees: evolusie) wysgemaak te word?

**65. Bladsy 37**

"Die planeet X, die vreemde planeet wat duisende jare deur die donker ruimtes sweef omdat dit om twee sonne, waarvan ons son een is, wentel. En al sal die fisika toe oë sê dis twak, sal mense dit glo omdat hulle dit wil glo, en toe dit laas, na honderde jare in ons sonnestelsel by ons aandoen, is dit toe in ander dimensie hier verby dat ons dit nie kon sien nie."

Met respek aan mnr Toerien, waar kom hy hier aan? ICR en AiG het *geen* artikels wat die soekterme "nibiru" of "planet x" bevat nie. CMI het geen artikels wat "nibiru" bevat nie en drie artikels wat die soekterm "planet x" bevat. Een is kommentaar op 'n brief aan CMI en die ander twee handel oor die soektog vir 'n planeet anderkant Pluto.

Dit is dus geheel en al onwaar dat skeppingsleer organisasies hierin glo en dit verkondig. Die outeur besef dat mnr Toerien 'n vurige afkeur het aan alle skeppingsleerdinge, maar om sekere aspekte geheel en al verkeerdelik toe te dig aan hierdie organisasies is kwaadwillig. Ten beste dui dit op doelbewuste oningeligtheid.

**66. Bladsy 37**

"Voeg dan die reptielwesens wat tussen ons woon hierby, die annunaki. Hulle is die afstammelinge van Eva en die slang – lg eintlik 'n reptielagtige ruimtewese, en die spesieprobleempie word met kloning opgelos."

Met respek aan mnr Toerien, waar kom hy hier aan? Die Anunnaki is antieke Babiloniese gode en die outeur kon geen hoofstroom skeppingsleer organisasies vind wat hieraan glo nie. 'n Soektog op die internet lewer ook nie resultate op wat aandui dat die Anunnaki afstammelinge is van Eva en die slang nie. Volgens die mitologie is hulle klaarblyklik inwoners van die planeet Nibiru.

Na hierdie afgelope twee stellings is dit baie moeilik om mnr Toerien verder enigsins ernstig op te neem, aangesien dit ooglopend is dat mnr Toerien se erge afkeur in die skeppingsleer en die aanhangers daarvan hom verblind teenoor rede en redelikheid. Die outeur sal hom egter die voordeel van die twyfel gee.

'n Vinnige soektog (wat mnr Toerien niks meer as 5 minute sou neem nie) het getoon dat ICR *geen* artikels op hulle webwerf het wat eers die woord Anunnaki bevat nie. AiG het een artikel wat handel oor die vloed en die Gilgamesh verhaal. CMI se webwerf het 4 artikels waarin die soekwoord verskyn. Drie handel oor die vloed en een is 'n kommentaar op 'n film getiteld *The Fourth Kind*. Hoofstroom skeppingsleer organisasies glo nie hierin nie. Punt. Om dit te verkondig is 'n blatante leuen en 'n *ad hominem* aanval.

Kom ons kyk eerder wie glo werklik hieraan. Die outeur het gaan soek op die web en afgekom op 'n klompie artikels. Hierdie artikels is hieronder gelys:

- *Anunnaki Genes in our Human Evolution?* by http://www.burlingtonnews.net/anunnaki.html. Burlington News noem hulself "Your source for reliable reporting on earth mysteries, UFO and paranormal science.
- *Sumerian Culture and the Anunnaki* by http://www.illuminati-news.com/112306c.htm.
- *Anunnaki - Did They Created Homosapiens?* by http://ezinearticles.com/?Anunnaki---Did-They-Created-Homosapiens?&id=3746545
- 2012 - Anunnaki Rapture and the NWO by http://www.disclose.tv/action/viewphoto/637/2012___Anunnaki_Rapture_and_the_NWO/

Soos redelik duidelik gesien kan word is dit nie skeppingsleer organisasies wat dit aanhang nie, maar eerder "conspiracy theorists". Die titel van die eerste artikel is ook heel interessant. Dit blyk veel eerder dat iemand wat evolusie aanhang, hierin sal glo as iemand wat die skeppingsleer aanhang. Mnr Toerien moet dalk minder na die TV-reeks "V" of na David Icke se materiaal kyk.

**67. Bladsy 37**

"Dit is daarom ook nie vreemd dat sommige van die jong aarde kreasioniste lustig saam die ruimte-stories glo nie."

Dit is verfrissend om te sien dat met die byvoeging van die woord "sommige" mnr Toerien nie weer met hierdie stelling alle skeppingsleerders oor dieselfde kam skeer nie. Daar mag skeppingsleerders wees wat hierin glo, maar dit beteken nie dat alle skeppingsleerders of die hoofstroom organisasies hierin glo nie. Daar kan wel met sekerheid gesê word dat die hoofstroom skeppingsleer organisasies nie hierin glo nie.

Daar is belydende lidmate van die NH Kerk wat al skuldig bevind is aan moord. Maak dit alle Hervormers moordenaars?

**68. Bladsy 37**

"Die mens het 'n ingebore drang na sekerheid. In vandag se wêreld verander dinge vinnig, dat omtrent al wat seker is, is dat dit gaan verander. Met die teologie wat homself skoorvoetend teen die fundamentalisme handhaaf, bied die fundamentalisme 'n kits-sekerheid."

Mnr Toerien spreek homself verskeie kere, en ook op ander fora (http://www.woes.co.za/artikels/vertoon/93067_Om_soos_n_kind_te_kan_glo,_Fundamentalisme,_Gereformeerdheid_en.htm) uit teen fundamentalisme. Dit is effe kommerwekkend wanneer 'n belydende Christen so 'n standpunt inneem, aangesien die pilare van fundamentalisme deur mnr Toerien self in die Woes-artikel genoem hierbo aangehaal is vanuit Wikipedia. Volgens die Moody handbook of theology, 1989, vanaf bladsy 613 lees hierdie pilare as volg:

a) Die foutloosheid van die Bybel
b) Die maagdelike geboorte van Christus
c) Die plaasvervangende versoening van Christus aan die kruis
d) Die liggaamlike opstanding van Christus
e) Die egtheid van Christus se wonderwerke

Dit is redelik skokkend dat mnr Toerien homself so teen fundamentalisme uitspreek, aangesien al die bogenoemde "pilare" doktrine is van feitlik al wat 'n hoofstroom Christelike kerk is. Indien dit wel die pilare van fundamentalisme is, is dit verbysterend dat enige Christen daarteen kan wees. Dit is erg kommerwekkend dat iemand wat goeie teologiese begeleiding voorstaan nie Jesus Christus se maagdelike geboorte, opstanding of plaasvervangende offer aan die kruis erken nie. Net die mees liberale teoloë (wat in wese praktiserende ateïste is) hang so 'n filosofie aan.

'n Goeie opsomming hieroor kan gevind word in die artikel *Anyone for fundamentalism?* by http://creation.com/anyone-for-fundamentalism. Die opsomming lui as volg:

> *"The result of all this is that the press now uses the term 'fundamentalism' in relation to acts of terror, oppression, violence, etc., and this association is carried over when the term is used of Christians. So instead of being a compliment, the term 'fundamentalist' has become a slur. A word which for scores of years meant that a Christian was Bible-believing, evangelical and virtuous, is now used to mean that they are brainwashed, extremist and anti-social. Some Christians now use the term to deride other Christians with whom they disagree, especially if the others are conservative, young-Earth creationists, and take the Bible seriously.*
>
> *So has the term fundamentalist passed its use-by date for Christians? It may well have. Therefore it is probably not helpful for us to call ourselves fundamentalists these days. Perhaps we should simply say we are 'Bible-believing Christians'. After all, in God's sight, what other sort are there supposed to be?"*

**69. Bladsy 37-8**
"En 'n mens kan net met vraagtekens staan: Hulle kan dít glo, maar om te glo dat die God van alle tye, op Sy tyd, as Skepper van tyd, die heelal op Sy manier geskep het op 'n manier wat die wetenskap, waarvan Hy ook die Skepper is, kan ondersoek, sodat die hele Bybel soos 'n mosaïek in plek val; dít kan hulle nie glo nie."

Dit is vir die outeur verstommend dat daar belydende Christene is wat glo God se woord is 'n samestelling van mites geleen by ander volkere. Die Here het in Genesis gesê dat Hy in ses dae die "hemel en die aarde en hulle ganse leërmag" geskape het. Ons as Christene glo immers dat 2 Tim 3:16 en 17 die waarheid is. Of is dit net fundamentalistiese Christene wat dit glo? Dit is verbasend om te sien dat daar belydende Christene is wat van mening is dat God nie in staat was om te kon skep in 6 dae (soos per Sy Woord) nie, maar miljarde jare nodig gehad het en daarmee saam 'n baie bloeddorstige en wrede meganisme gebruik het, wat boonop nog planloos en doelloos ook is. Dit maak van God 'n leuenaar (of Iemand met baie lae standaarde) wanneer hy in Genesis 1:31 dit as "baie goed" verklaar.

**70. Bladsy 38**
"Dit sou 'n gawe plek wees vir hoofstroomdenke om te makeer. Behalwe vir een sakie. Matt 18:8 verwys na hulle deur wie die struikelblokke op die pad kom. Dit staan in die konteks van mense wat vir ander struikelblokke in die pad van geloofsekerheid probeer plaas."

Is dit nie 'n groter struikelblok om aan te voer die Bybel is verkeerd en ondergeskik aan die wetenskappe nie?

**71. Bladsy 38**
"Die jong man neem argumentsonthalwe geologie, en hy weet dit is onwaar omdat hy self met die halfleeftyd van elemente gewerk het, en rotsformasies bestudeer wat miljarde jare gelede gevorm het."

Soos die KBS Tuff wat aanvanklik gedateer is op 213-230 miljoen jaar deur Fitch en Miller met die K-Ar metode? Dit het egter nie ooreengestem met die dierefossiele wat *onder* die laag gevind is nie en die ouderdom is in die asblik gegooi. As daar nie fossiele ontdek was nie, sou die amptelike ouderdom gebly het op 213 tot 230 miljoen jaar. Dit word toe oorgedateer en *betroubaar* bevind dat dit 2.61 miljoen jaar oud is deur van die paleomagnetisme en fissiespoor metodes gebruik te maak. Toe ontdek Richard Leakey 'n hominide skedel *onder* die laag...

Dit was duidelik nie daar begrawe nie, dus moes dit ouer wees as die laag. Maar dit het nie ingepas by die heersende paradigma nie, aangesien die spesifieke hominide fossiel nie so oud kon wees volgens evolusionêre of paleontologiese modelle nie. Toe word dit weer gedateer en die ouderdom word nog jonger. Die aanvaarde ouderdom nou is 1.82 miljoen jaar. Dit blyk dat die KBS Tuff die fontein van ewige jeug ontdek het. Hierdie "nuwe" ouderdom is later ook bevestig deur ander dateringsmetodes. Die vraag is net, hoekom is daar eers konsensus gekry oor die ouderdom ná die ontdekking van 'n hominide skedel?

Al wat dit doen is om te illustreer dat die metodes allesbehalwe onfeilbaar is. Indien dit was, sou verskeie metodes almal dieselfde antwoord gegee het. Of ten minste antwoorde baie naby aanmekaar. Daar is baie aannames wat gemaak moet word, veral

rondom kontaminasie. Enigiemand wat al ooit in 'n laboratorium gewerk het weet hoe problematies kontaminasie is, veral as jy metings by verskriklike lae vlakke moet neem. Om dan aan te neem dat daar geen kontaminasie was vir miljoene en selfs miljarde jare nie, vereis meer geloof as om 'n Christen te wees.

Die outeur wil graag vir mnr Toerien los op hierdie punt met 'n aanhaling rakende dateringsmetodes.

> *"The intelligent layman has long suspected circular reasoning in the use of rocks to date fossils and fossils to date rocks. The geologist has never bothered to think of a good reply, feeling the explanations are not worth the trouble as long as the work brings results"* – **American Journal of Science, 1976, 276:51.**

Kyk ook:
- *Flaws in dating the earth as ancient* by http://creation.com/flaws-in-dating-the-earth-as-ancient
- *Dating of "oldest pottery" from China is based on assumptions* by http://creation.com/dating-oldest-pottery-from-china (kyk Mungo man)
- *The pigs took it all* by http://creation.com/the-pigs-took-it-all
- *Radiometric dating questions and answers* by http://creation.com/radiometric-dating-questions-and-answers

**72. Bladsy 39**
"Dit skep by hom die indruk sy keuses lê tussen glo in evolusie, en daarmee gepaardgaande ateïsme), of om 'n Christen te wees en te glo die aarde is 6 000 jaar oud."

Alhoewel geen hoofstroom skeppingsleer organisasie van mening is dat mens die skeppingsleer moet aanhang om 'n Christen te kan wees nie, is die evolusie = ateïsme stelling nie te ver van die waarheid nie. Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na 'n artikel getiteld *Why Orthodox Darwinism Demands Atheism* wat verkrygbaar is op http://www.answersingenesis.org/contents/379/arj/v3/orthodox_Darwinism_atheism.pdf. Uit die slotgedeelte van die artikel kom die volgende:

> *"The common claim that no conflict exists between modern neo-Darwinism and orthodox biblical Christianity is contradicted by the conclusions of many of the most eminent biologists living today. Furthermore, a survey by Griffin of leading biologists found that they strongly disagree with the claim that evolutionism and Christian theism involving a personal God are compatible. Further, they can articulate valid reasons for their conclusion.*

**73. Bladsy 39**
"Nogtans word hard getrag om van in God te glo, te beweeg na om God (en Sy Skepping) te "bewys." Dié aksie neem 'n verbetenheid en aggressie aan, want die implikasie is dat as hul "bewyse" as vals bewys word, dit in hul oë ook impliseer dat "bewys" is dat God nie bestaan nie."

Dit is nie korrek nie. Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na 'n artikel getiteld *Is there scientific proof of the existence of God* by http://creation.com/science-existence-of-god. Skeppingsleer organisasies probeer nie die bestaan van God bewys nie, aangesien

die bestaan of nie-bestaan van enigiets bonatuurlik per definisie nie wetenskaplik bewysbaar is nie. Die laaste sin in hierdie bostaande aanhaling is ŉ strooipop argument.

**74. Bladsy 39**

"Is die jong aarde kreasioniste se uitleg die enigste moontlike suiwer Bybelse uitleg? Beslis nie."

Die teenvraag is: is die deïstiese evolusie uitleg van die Bybel die enigste moontlike uitleg, soos wat mnr Toerien impliseer elders in sy bundel? Die antwoord bly dieselfde as wat gegee is deur mnr Toerien. *Beslis nie.*

**75. Bladsy 41**

"Nog ŉ kopkrapper is dat ons sterre en veral galaksies kan sien wat miljoene ligjare verwyder is. Sou die heelal net 6 000 jaar oud wees, sou die lig van daardie sterre die aarde nog lank nie bereik het nie."

Daar is verskeie boeke hieroor geskryf, asook verskeie artikels. Mnr Toerien kan gerus op CMI, AiG of ICR se webwerwe gaan soek vir artikels in hierdie verband. Die outeur wil graag mnr Toerien verwys na ŉ paar artikels:

- *Anisotropic Synchrony Convention – A Solution to the Distant Starlight Problem* by http://www.answersingenesis.org/contents/379/arj/v3/anisotropic_synchrony_convention.pdf
- *Creation Answers Book, Chapter 5: How can we see distant stars in a young universe?* Hierdie hele boek is aanlyn beskikbaar by http://creation.com/the-creation-answers-book-index.
- *Light Travel Time: a problem for the Big Bang* by http://creation.com/light-travel-time-a-problem-for-the-big-bang.

Die outeur wil graag ook vir mnr Toerien aanmoedig om boeke van John Hartnett en ook Russell Humphreys te lees indien hy meer sou belangstel oor hierdie onderwerp.

**76. Bladsy 41**

"Trouens, die hele "evolusieteorie" word deur kreasioniste in stand gehou – evolusioniste verwys al meer as ŉ half eeu na die evolusieleer."

Dalk in Afrikaans, maar nie in Engels nie. ŉ Vlugtige soektog op die internet sal dit deeglik staaf. Dit blyk ook of een van die groot spreekbuise vir evolusie nie die memo gekry het nie. Richard Dawkins se nuutste boek is getiteld *The Greatest Show on Earth – The Evidence for Evolution*. In Engels praat die geleerde mense van "evolution". Dit vertaal na Afrikaans toe as evolusie.

**77. Bladsy 41-2**

"Jong aarde kreasioniste verwys graag na die "afwesigheid" van tussenvorme ('n verfynbing van die ou "vermiste skakel"-diskoers). Terwyl hierdie kreasioniste groot gewag maak hiervan, weet evolusioniste gewoon nie waarna die krasioniste verwys nie, want wisselvorme is daar volop. Suid-Afrika is juis ryk aan fossiele van soogdieragrtige reptiele wat onder meer in die Nasionale Museum besigtig kan word."

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na 'n versameling artikels wat handel oor hierdie punt. Dit is getiteld *Fossils Questions and Answers* en kan gekry word by http://creationontheweb.com/content/view/3001.

Kyk ook by http://www.glodiebybel.co.za/skepping-vs-evolusie-m/59-aanhalings-kat/153-aanhalings-vermiste-skakels.html.

**78. Bladsy 42**

"Onvermydelik was daar 'n teenreaksie en is daar nou heelwat boeke en leesstof op die internet wat korte mette maak met die jong aarde kreasioniste se "wetenskaplike bewyse" en in die geval van die Mount St Helens se lawa en die "mensespore" binne dinosourusspore, bedoelde of onbedoelde bedrog bewys."

Kyk weer kommentaar 32. Daar is net soveel vervalsings en bedrog aan die evolusie kant. Piltdown Man, Haeckel se embrio's, pepermotte, om maar 'n paar te noem. Die lawa-argument genoem hierbo is reeds gewys as 'n leuen. Vals inligting word versprei deur mnr Toerien se bronne, en weens versuiming om die inligting te bevestig, hyself ook. Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na Eksodus 20:16.

**79. Bladsy 43**

"Eiland weg!"

Die outeur wil graag weet wat het hierdie hele gedeelte te make met die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**80. Bladsy 43**

"Hieronder wys van die navorsers daarop dat heelwat deltagebiede, en dus ook dié van Bangadesj, jaarliks tonne materiaal afvoer wat 'n bykomende druk op die aardkors plaas, wat die aardkors laat sink."

Hierdie gedeelte het niks te make met die oorhoofse tema nie. Ter interessantheid, is dit die kors wat sink of slegs die kant van die kontinentale plaat? Dit kan gewis nie die hele kors wees nie, aangesien die materiaal wat in die delta afgeset word afkomstig is van elders op die kors.

**81. Bladsy 44-5**

"Aardbewings: Word hulle al hoe erger en gereelder?"

Die outeur wil graag weet wat het hierdie hele gedeelte te make met die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**82. Bladsy 46-7**
"Earth quake threat to Free State economy - Swelling clay a much larger problem"

Die outeur wil graag weet wat het hierdie hele gedeelte te make met die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**83. Bladsy 47**
"Die mens geneig om sy Godsbegrip te reduseer tot iets wat binne sy begripvermoë ("confidence range")."

Soos deïstiese evolusie wat besluit het dat God nie in staat was om te kon skep soos Hy aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar dat hy miljarde jare se planlose, doellose evolusie nodig gehad het. Hierdie kommentaar is veel eerder van toepassing op deïstiese evolusioniste as skeppingsleerders.

Indien ons glo dat God nie by magte was om alles in ses dae te kon skep nie, kan ons ook nie glo dat Christus binne drie dae uit die dood kom opstaan nie, want God is nie by magte om so iets magtigs te kon doen nie.

Indien God nie in staat was om alle materie in ses dae te skep en orden nie, sou Christus ook nie die materie van brood en vis kom vermeerder het om 5 000 mense te voer nie.

As God nie in staat was tot 'n Groot Vloed nie, sou Hy ook nie in staat gewees het om in Christus die storm op die See van Galilea stil te kon maak nie.

As die aarde en die res van die Heelal miljarde jare geneem het om te ontstaan deur God se leiding gaan dit weer miljarde jare neem om herskep te word. Die dooies gaan nogal lank wag vir die Wederkoms, asook die nuwe hemel en die nuwe aarde waarvan Johannes praat.

Die deïstiese evolusie, soos mnr Toerien dit aanhang en verkondig, maak die Bybel af tot 'n ongeloofwaardige storieboek en niks meer nie. Predikante kan dan maar net so wel uit die Huisgenoot preek.

**84. Bladsy 48**
"Metusalag en tydgenote sou werklik amper 'n duisend jaar oud moes geword het in plaas van die simboliese berekening van "dae verleng word" afhangend van hoe goed hulle geleef het, met 1 000 die ewigheidskonsep."

Hoe oud het hulle dan geword? Abraham het 175 gehaal. Het hy dus net 17.5% goed geleef? Henog was so goed dat God hom nie eens laat sterf het nie, maar Hy het hom weggeneem. Tog het hy slegs 365 gehaal wat vertaal as 36.5% goed.

Dieselfde woord word gebruik vir jare om Abraham en Metusalag se ouderdomme weer te gee en beide is in Genesis opgeteken, dus is albei óf metafories (wat sleg vertolk op Abraham) óf werklik. Die woord word in ons skrif geskryf as shâneh of shânâh. Dit is ook dieselfde woord wat gebruik word in Ps 90:4 (Strong's H8141). Nou is die vraag: waar gebruik ons dit werklik, waar gebruik ons die simbolies? Dit is 'n gevaarlike paadjie om te stap.

**85. Bladsy 49**

"Bykans die enigste verklaring oor hoekom jong aarde kreasionisme ten koste van gewone kreasionisme kon vorder is dat die kwasi-wetenskaplikes beduidend baie mense tot hierdie "alternatiewe wetenskap" "bekeer.""

Die etiket van kwasi-wetenskaplikes is reeds aangespreek en uitgewys as 'n *ad hominem* aanval. Rakende die bekering-aspek hiervan. Die outeur se geloof is versterk deur blootstelling aan skeppingsleer. Daar is ook verskeie ander soortgelyke belydenisse in die outeur se vriendekring. Verskeie is ook gelys in kommentaar 63 hierbo.

**86. Bladsy 50**

"Min of meer dieselfde tyd woon 'n baie intelligente kollega 'n kursus by die Sewende Daagse Adventiste by, en keer as 'n hopelose bekeerde jong arde kreasionis na die kantoor terug. Breinspoel, is die beste wat ek dit kon verduidelik. As hoogs intelligente persoon wat dink, het dit, lyk my, later daartoe gelei dat hy later weer sienings van sy eie begin ontwikkel het."

Breinspoel is nie 'n die korrekte term nie. Al wat hierdie sessie gedoen het is om mnr Toerien se kollega te wys dat daar alternatiewe wetenskaplike interpretasies is wat daartoe lei dat sy kollega nie hoef te aanvaar dat die Bybel foutief is nie. Dit dui op die aannames wat vervat is in alle oorsprongwetenskappe.

'n Vraag. Is "sienings van sy eie" sienings wat teen die skeppingsleer is? Dit is baie interessant om soortgelyke opmerkings by ateïste ook te sien. As jy die trop volg, dink jy vir jouself. As jy die trop bevraagteken dink jy nie.

**87. Bladsy 50**

"Nog 'n interessantheid is dat die jong aarde kreasioniste glo hulle weet meer van die evolusie"teorie" as die wetenskaplikes self. So is ek gevra watter "teorie" van die evolusie my pa (meer as dertig jaar gelede oorlede) aangehang het. Ek het nog nooit van die opsies wat genoem en beskryf is, gehoor nie. Ek het 'n redelike goeie idee gehad wat my pa geglo het, en dit het nie in een van die "teorieë" wat die jong aarde kreasioniste noem, gepas nie."

Die outeur sal graag wil weet waarvan mnr Toerien praat, aangesien hy nie enigiets ter stawing hiervan kon raaklees op hoofstroom skeppingsleer organisasies se webwerwe nie.

**88. Bladsy 50**

"Trouens, ek kry steeds binne die wetenskap niks wat vaagweg lyk na iets wat die jong aarde kreasioniste as "die evolusieteorie" beskryf nie. Die bietjie wat ek uitmaak hou verband met lank reeds uitgediende gedagtes, soos dat hulle glo die evolusioniste glo dat evolusioniste glo evolusie vind in 'n noodwendige gelyke lyn na meer gevorderde vorme plaas. 'n Gewilde "bewys" hierteen is dan dat daar steeds ape bestaan."

Die argument dat ape steeds bestaan is aangespreek in kommentaar 10 hierbo. Mnr Toerien word aangemoedig om 'n bietjie tyd te spandeer op CMI, AiG en ICR se webwerwe. Dit is duidelik dat hy nie regtig blootstelling gekry het van hoofstroom sieninge rakende skeppingsleer nie.

**89. Bladsy 50**

"Ek kry niks in hul argumente oor mutasies en genetiese defekte as oorsaak, en aanpasbaarheid as "snellers" vir oorlewing nie."

Dalk moet mnr Toerien op meer plekke soek as die Volksblad se kommentaar gedeeltes. Aangesien daar verskeie onderwerpe deur mnr Toerien opgebring is wil die outeur hom graag verwys na 'n hele klomp artikels toe.

- *Are mutations part of the "engine" of evolution?* by http://www.answersingenesis.org/articles/wow/are-mutations-the-engine
- *Mutations* by http://www.answersingenesis.org/home/area/cfol/ch2-mutations.asp
- *The Riddle – What may increase when something is lost?* by http://creation.com/the-riddle
- *Creation articles stir deep thinking* by http://creation.com/deep-thinking
- *'You shouldn't marry your cousin!'* by http://creation.com/you-shouldn-t-marry-your-cousin
- *Mutation Fixation: A Dead End for Macro-evolution* by http://www.icr.org/article/mutation-fixation-dead-end-for-macro-evolution/
- *Origins Breakthrough of 2009: Biological Evolution* by http://www.icr.org/article/origins-breakthrough-2009-biological/
- *Biology Confronts Evolution* by http://www.icr.org/i/pdf/imp/imp-368.pdf
- *Darwin's finches – Evidence supporting rapid post-Flood adaptation* by http://creation.com/darwins-finches
- *Adaptation* by http://creation.com/adaptation
- *Don't fall for the bait and switch* by http://creation.com/don-t-fall-for-the-bait-and-switch
- *Muddy Waters – Clarifying the confusion about natural selection* by http://creation.com/muddy-waters
- *Evolution or Adaptation? Mutation leads to better survival in beach mice* by http://www.answersingenesis.org/articles/aid/v1/n1/evolution-or-adaptation
- *Human "evolution" … or adaptation?* by http://www.answersingenesis.org/docs2006/0802human-evolution.asp
- *Life: Designed by God to Adapt* by http://www.answersingenesis.org/articles/aid/v3/n1/life-designed-to-adapt

Normaalweg sou die outeur minder artikels geplaas het sodat mnr Toerien self kon gaan soek, maar hierdie is 'n belangrike aspek van die debat.

**90. Bladsy 50**

"'n Persoon wat skynbaar self 'n wetenskaplike is, het ook gaan "uitwerk" die aarde is maar ongeveer 6 000 jaar oud, en vervolgens uitgewerk daar was genoeg plek in die ark vir dinosourusse en ander uitgestorwe diere. Hoe wetenskaplik, kan 'n mens maar net raai gegewe die feit dat nog net 'n klein fraksie van die dinosourusspesies al ontdek is, om nie van soogdieragtige reptiele en ander te praat wat regtig baie, baie groot was nie."

Basies aangespreek in kommentaar 30.

**91. Bladsy 50**
"Ten slotte. Gegewe die trauma wat ek self aan die hande van die jong aarde ervaar het, verstaan ek George en ander se afkeer."

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na die artikel *Dr Hennie Mouton antwoord die ateïs Prof George Claassen* op http://www.reguitstraat.za.org/?p=364. Interessante leesstof.

**92. Bladsy 51**
"Deïstiese evolusioniste voel hulle uiteindelik meer tuis en minder blootgestel in die omgewing van die ateïstiese evolusioniste waar daar gewoonlik veel minder veroordeling is."

Dit is omdat deïstiese evolusie nie regtig enige bedreiging inhou vir ateïstiese of materialistiese evolusioniste nie. Die feit dat aanhangers van deïstiese evolusie minder ooglopend veroordeel word beteken nie dat ateïste hulle aanvaar nie. Hierdie saak is aangespreek in kommentaar 5 hierbo.

'n Gepaste teksvers hierso is een wat gebruiker Johann Perkins aangehaal het op 'n Volksblad forum, naamlik 2 Kor. 6:14-16a.

> *"Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige? Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode?"*

Mnr Toerien se stelling hierbo word bevestig deur die openlik ateïstiese webwerwe waarheen hy mense verwys vir inligting. *No Answers in Genesis* is 'n sprekende voorbeeld.

**93. Bladsy 51**
"My instink is, dat selfs al sou ek 'n ateïs wees, ek steeds godsdiens, en spesifiek die Christelike godsdiens, sou ondersteun en aanmoedig as grondslag vir die nodige moraliteit."

Daar is groot verskil in die sekulêre wêreld juis oor die verskillende konsepte van moraliteit. Die idee dat godsdiens nie nodig is (inteendeel, *juis* nie nodig is) as grondslag vir moraliteit nie is besig om ernstig pos te vat. Alhoewel ons as Christene saamstem oor ons fondasie vir moraliteit, wil die outeur van mnr Toerien verskil. Indien hy (mnr Toerien) 'n ateïs was sou hy heel waarskynlik nie godsdiens, en spesifiek die Christelike godsdiens, ondersteun het as grondslag vir die nodige moraliteit nie. Met sy aanhang van evolusie, sou hy juis eerder saam met die outeurs van die onderstaande artikels saamgestem het.

- *Why morality doesn't need God* by http://www.abc.net.au/unleashed/34658.html
- *It seems Biology (not Religion) equals morality* by http://www.edge.org/3rd_culture/hauser09/hauser09_index.html
- *Scientist Finds the Beginnings of Morality in Primate Behavior* by http://www.nytimes.com/2007/03/20/science/20moral.html?_r=1&ref=science

**94. Bladsy 53**
"Was China se aarbewingramp mensgemaak?"

Die outeur wil graag weet wat het hierdie hele gedeelte te make met die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**95. Bladsy 54**
"Behoede George Claassen dat dié vrou op sy "case" beland. Beginnende sommer by sou Claassen af en toe 'n wyntjie saam met sy maal geniet – volgens haar verbied die Bybel alle alkoholiese drank – iets wat ek glad nie in die Bybel raaklees nie."

Die outeur hoop van harte nie dat mnr Toerien hierdie siening toedig aan alle aanhangers van die jong aarde skeppingsleer nie.

Die outeur het gaan rondsoek op CMI, AiG en ICR se webwerwe en die naaste wat hy kon kry aan enigiets teen alkohol is in 'n artikel getiteld *Neither Wine Nor Strong Drink* by http://www.icr.org/article/21823/. Die artikel handel oor Johannes die Doper en in die slot vind ons die volgende stukkie:

> *"Drinking alcoholic beverages in moderation may be permissible for Christians, but that does not make it right."*

Enige ander verwysings na alkohol spreek net *mis*bruik van alkohol aan. Nie *ge*bruik nie. Die outeur weet van heelwat Christene wat met bekering alle alkoholgebruik gestaak het, selfs tydens die nagmaal (hulle dring aan op druiwesap) en toevallig hang nie 'n enkele een van hulle die jong aarde skeppingsleer aan nie. Dit bly die persoon se keuse. Die outeur is bewus daarvan dat Kent Hovind teen enige vorm van alkoholgebruik is en ook deeglik bewus van sy verkondiging dat Spreuke 22:30 alkohol verbied, terwyl 'n doodgewone (straight-forward in Engels) lees daarvan aandui dat *dronkenskap* verkeerd is. Doodgewone lees word klaarblyklik nie aangemoedig nie, dus sal die outeur dalk 'n "behoorlike teologiese begeleiding" oor die stuk moet verkry.

**96. Bladsy 56**
"Die motief moet ook reg wees. As dit daaroor handel daaroor dat ouers en selfs die kerk hul plig om hul kinders ooreenkomstig die Christelike leer op te voed aan staatsinstellings "delegeer" omdat hulle dit self afskeep, dan is dit verkeerd. Dit is soos die Christen wat sy hande sal deurbaklei om Goeie Vrydag as vakansiedag in 'n sekulêre staat te behou, maar dan self op Goeie Vrydag niks te doen om die Christelike aard van die dag te gedenk nie. Christene wat Sondae bely hoe gekant hulle teen dobbel, aborsies en pornografie is, maar entoesiasties vir partye werk en stem wat juis hierdie sake voorstaan... Christene wat verbete vir die behoud van die Christusfees baklei, maar dit dan bloot sekulêr as Krismis vier – so word die hand van Skepties Suid-Afrika gesterk – want sowaar, dan het hulle goeie rede om skepties te wees."

Christene wat 'n wetenskapsleer aanhang wat uitdruklik en ondubbelsinnig materialisties is met geen plek hoegenaamd vir 'n Skepper nie *en* dit boonop as versoenbaar met Christenskap verkondig sterk weliswaar ook die hand van Skepties Suid-Afrika.

**97. Bladsy 57**
"Kosmoklimatologie: 'n Nuwe perspektief op klimaatsverandering"

Die stuk is voorwaar interessant om te lees, maar die outeur wonder hoe dit inpas by die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**98. Bladsy 59**
"Hoewel op baie van dieselfde argumente staatgemaak word as die aanhangers van die plat aarde teorie, word nie noodwendig geglo die aarde is plat nie."

Dit is totale onsin. Geen hoofstroom skeppingsleer organisasie glo dit nie. *Ad hominem* aanval. Mnr Toerien het 'n probleem daarmee dat evolusie gelyk gestel word aan ateïsme, maar nou doen hy iets soortgelyks.

Mnr Toerien mag dalk belang stel in die volgende artikel op CMI se webwerf. Dit is getiteld: *Is the 'erets (earth) flat?* en kan gekry word by http://creation.com/images/pdfs/tj/j14_3/j14_3_51-54.pdf.

**99. Bladsy 60**
"Wetenskaplike bewyse dat kontinentale drywing teen enkele sentimeters per jaar plaasvind, DNA-toetse en self die uitdyende uitspansel word as sameswerings en bedrog deur wetenskaplikes afgemaak."

Kontinentale drywing is waarneembaar. Daarmee het skeppingsleerders nie 'n probleem nie. Met respek, as iets werklik gemeet kan word, hoekom sal iemand daarmee stry? Anders as radiometriese datering waar baie aannames gemaak moet word om 'n interpretasie van die ouderdom van die monster te kry, is die meting van kontinentale drywing maklik. Waar die probleem inkom is die aanname van "uniformitarianism" wat duidelik onbybels is. Vergelyk 2 Petrus 3:3-6.

> *"Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot en sê: "En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af." Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het."*

Rakende DNA toetse. Dit is waarneembaar en selfs herhaalbaar. As 'n persoon twee monsters van sy DNA gee, sal die masjiene elke keer daardie persoon identifiseer as die skenker. Wat is daar om mee te stry? Waar DNA toetsing bevraagteken word is wanneer dit gebruik word om aanduidings te maak van 'n gemeenskaplike voorouer. Al wat dit aandui is 'n gemeenskaplike ontwerper (of eerder Ontwerper).

Die oerknalteorie is juis ontwikkel om die uitdyende heelal te probeer verduidelik. Skeppingsleerders het 'n probleem met die oerknalteorie, nie met die idee van 'n uitdyende heelal nie. 'n Uitdyende heelal is tog die mees voor-die-hand-liggende verduideliking vir die rooiverskuiwings wat waargeneem word in meeste sterre se lig.

**100. Bladsy 60**

"'n Tweede dwaling deur die jong aarde kreasioniste is om die Hebreeuse woord "ben" wat in stamregisters gebruik word, deurgaans met "seun" in plaas van "nageslag" te vertaal. Wanneer die Bybel teologies suiwer gebruik word, is daar geen botsing meer tussen die argeologie en die Bybel nie."

Daar is vir lank geglo dat die Bybel verkeerd was met onder andere die bestaan en beduidendheid van die Hetiete. Daar was geen bewyse vir hulle bestaan nie. As mens die slim wetenskaplikes geglo het, dan was dit bloot nog 'n deel waaroor die Bybel fouteer het. Deesdae egter is die Hetiete 'n algemeen aanvaarde historiese feit. Sou mens egter die Bybel 'n klompie jare terug "teologies suiwer" gebruik het sou mens moes toegee dat die Bybel metafories hieroor gepraat het of dat dit 'n fabel is wat ingevoer is van een of ander naburige nasie. Sou mens egter die Bybel aanvaar as die onfeilbare Woord van God, sou mens geglo het dat dit waar is. Die argeologie het intussen ook opgevang wat dit aanbetref. Dit blyk dat 'n "teologiese suiwer" gebruik van die Bybel verander soos wat nuwe wetenskaplike bevindinge na vore kom. Dit kan onmoontlik Christelik wees!

Die boeke *Evidence that demands a verdict* en ook *More evidence that demands a verdict* deur Josh McDowell mag dalk nie heeltemal in mnr Toerien se smaak val nie, aangesien dit die Bybel as die onfeilbare Woord van God aanvaar. Die subtitel vir beide boeke is *Historical evidences for the Christian faith*.

'n Goeie gedeelte uit hierdie boek haal die volgende aan:

> *"American Institute of Holy Land Studies researcher Thomas Drobena cautioned that where archaeology and the Bible seem to be in tension, the issue is almost always dating, the most shaky area in current archaeology and the one at which scientistic a priori and circular reasoning often replace solid empirical analysis."*

Die oorspronklike aanhaling kom uit *Evangelicals and archaeology* deur John W Montgomery in *Christianity Today,* 16 Augustus 1968. Dit mag dalk 'n ou aanhaling wees, maar dit blyk of die probleme onveranderd gebly het in die afgelope 42 jaar. Dateringsmetodiek word steeds blindelings aanvaar deur materialisties ingestelde wetenskaplikes en liberale teoloë.

Dit is baie insiggewend dat mnr Toerien kies om die Bybel anders te interpreteer om by die wetenskappe in te pas, eerder as om ondersoek in te stel of daar dalk ander interpretasies kan wees van wetenskaplike data.

**101. Bladsy 61**

"Die frustrasie wat met die jong aarde kreasionisme ervaar word, is dat dié teorie alle ander benaderings, insluitend die ou aarde kreasionisme, Godgedrewe evolusie en "intelligent design" as onbybels verwerp, en byvoorbeeld nie die onderskeid tussen Godgedrewe evolusie en toevallige evolusie erken nie."

Die outeur wil graag vir mnr Toerien daarop wys dat die wetenskaplike wêreld die konsep van Godgedrewe evolusie in totaliteit verwerp. Die aanhangers van deïstiese evolusie neem 'n streng materialistiese wetenskapsleer en las 'n teologiese stertjie aan, wat geheel en al onwetenskaplik is. Die jong aarde skeppingsleer interpreteer die data anders, gebaseer op 'n ander voorveronderstelling en heelwat swak plekke in die

wetenskaplike metodiek van onder andere radiometriese datering. Skeppingsleer begin by die Bybel. Deïstiese evolusie begin by die wetenskap. Verwys ook na kommentaar 5 hierbo.

**102. Bladsy 61**

"Talle Christene, en heel kerkverbande, word hierdeur tot "nie-Christene" verklaar, 'n oordeel wat slegs God self toekom."

Dit is nie die siening van hoofstroom skeppingsleer organisasies nie, soos reeds vermeld in kommentaar 3 hierbo. Die kompromisposisie is egter 'n baie glibberige paadjie om te stap, aangesien die oordeel van wat om te glo in die Bybel en wat nie in die hande van die leser geplaas word.

**103. Bladsy 61**

"In die era van die dinosourusse was daar onder meer "reptielvisse" wat presies dieselfde funksie vervul het as die soogdiere soos dolfyne nou doen. Dié "visse" het ook baie soos die dolfyne gelyk."

Die outeur sal graag die bronverwysing hieroor wil sien en is ook nuuskierig om te weet watter funksie het die betrokke "reptielvis" gespeel. Dit sou gaaf gewees het indien mnr Toerien dalk name kon koppel aan die reptielvisse sodat lesers van sy bundel maklik die inligting vir hulself kan bevestig. Die woorde van een van die outeur se kollegas wat sy gereeld gebruik om wetgewing te beskryf is hier van toepassing. Hierdie stelling (en menige ander in die bundel) is "delightfully vague".

**104. Bladsy 61**

"Selfs vandag, na baie jare se opgrawings, word gereken dat oorblyfsels van slegs 'n baie klein fraksie van alle dinosourusse wat bestaan het, al gevind is. Dat daar 'n "nismark" sou wees vir 'n dier wat oppervlakkig kenmerke van die mens sou kon hê is nie net moontlik nie, maar waarskynlik. Voetspore van "mense" binne dinosourus-voetspore is dus nie so onmoontlik nie."

Met respek teenoor mnr Toerien, maar nog niks van so 'n aard is al ooit opgegrawe nie. So 'n ontdekking sou ook baie wyd verkondig geword het. Die outeur het ook heelwat aanlyn fora besoek en nêrens is hierdie moontlikheid eers gegee waar die onderwerp opgekom het nie. Die algemene opinie hieroor is dat dit ook dinosourus voetspore is.

Om dus die stelling te maak dat so 'n dier "nie net moontlik nie, maar waarskynlik" is, is eerstegraadse spekulasie.

Let ook daarop dat die fossielrekord verbasend volledig is:

> *"97.7 percent of living orders of land vertebrates are represented as fossils and 79.1 percent of living families of land vertebrates—87.8 percent if birds are excluded, as they are less likely to become fossilized."* – **M. Denton, Evolution, a Theory in Crisis (Chevy Chase, MD: Adler & Adler, 1985), p. 190,** aangehaal in Refuting Evolution, J Sarfati beskikbaar by http://creation.com/refuting-evolution-index

**105. Bladsy 61**

"Bronne wat die jong aarde kreasioniste as bedrog afmaak, wys byvoorbeeld daarop dat die jong aarde kreasioniste onderneem het om verwysings na dinosourusspore booor mensspore uit hul literatuur te verwyder, sou een van hul eie mense bewys dat die spore nie mensspore was nie. Na dit wel gedoen is, is die literatuur hiervan ook gesuiwer, hoewel dit weer sedertdien teruggevoeg is."

Mnr Toerien is korrek. Hoofstroom skeppingsleer organisasies het dit inderdaad weer teruggevoeg in hulle literatuur in 'n artikel getiteld *Arguments we think creationists should NOT use*. Aangespreek in kommentaar 10 hierbo.

Mnr Toerien moet dalk 'n bietjie ag slaan op raad wat sy ouers sekerlik vir hom gegee het, veral toe hy 'n aap genoem is op skool. "Vat dit van wie dit kom." Dieselfde raad word nou vir mnr Toerien gegee rakende opmerkings, stellings, ens van skeppingsleerders. Kyk of hulle enige affiliasie het met 'n skeppingsleer organisasie. Indien wel, gaan kyk wat glo en verkondig daardie organisasie. Indien nie, takseer daardie persoon op sy argumente, maar moet nie in die strik trap van growwe veralgemenings nie. Dit is lui denke.

**106. Bladsy 61**

"Ook die voorbeeld wat graag gebruik word dat lawa wat wetenskaplikes sou bevind het, miljoene jare oud is terwyl dit van 'n relatief jong uitbarsting afkomstig was, is bewese bedrog. Die jong aarde kreasioniste het naamlik op koolstoftoetse aangedring en daarvoor betaal, terwyl die wetenskaplikes daarop gewys het dat koolstoftoetse nie op rotsouderdomme gebruik kan word nie, en 'n foutiewe lesing noodwendig was."

Reeds aangespreek in kommentaar 31 en daar alreeds uitgewys as 'n blatante leuen. Herhaling van 'n leuen maak dit nie waar nie.

**107. Bladsy 61**

"Ook aansprake dat die uitdyende heelal "verkeerd bewys is" is as bedrog bewys, deurdat die liggolflengtes van 'n enkele hemelligaam uit miljarde gebruik."

Kan mnr Toerien dalk die bron ook hier verskaf? Dit is 'n grusame veralgemening. Een ster wat 'n blouverskuiwing toon, maak nie alles tot niet nie. *Ad hominem* aanval. Daar word voorgestel dat mnr Toerien homself vergewis met wat hoofstroom skeppingsleer organisasies werklik voel oor kosmologie. Daar word voorgestel dat mnr Toerien na die webwerwe toe gaan wat heel bo gelys is, die woord "cosmology" intik in die soekhoekie en 'n paar van die artikels lees. Daar is ook werklik goeie boeke beskikbaar. CMI se boekwinkel werk selfs in Suid-Afrikaanse Rande en is baie billik geprys.

**108. Bladsy 62**

"Volgens beskikbare literatuur is die ouderdom van die grottekeninge wat tot dusver bestudeer is, minstens 10 000 jaar oud."

Hoe is hierdie artefakte gedateer?

**109. Bladsy 63**

"Dit is natuurlik nie nuut dat paleontoloë en argeoloë elders ter wêreld traag is om Suidelike Afrika as die wieg van die mensdom te erken nie. Dit geld beide die oervoorouer van die mens, en die eerste moderne mense veel later. Daar is selfs by geleentheid vernuftig bedrog gepleeg deur stukke sjimpansee-skedel en ander menslike stukke aan mekaar te las en in 'n Britse gruisgroef te "ontdek.""

Die outeur wil graag vir mnr Toerien verwys na amper al wat 'n aanlyn besprekingsforum is wat oor hierdie onderwerp handel. Wanneer 'n skeppingsleerder hierdie bedrog uitwys word dit as niksseggend afgemaak. 'n Druppel in die spreekwoordelike emmer van bewyse vir evolusie. Mnr Toerien doen presies dit op sy blog artikel getiteld *Kreasionistiese bedrog* by http://hermantoerien.posterous.com/kreasionistiese-bedrog waar hy die volgende te skryf het:

> *"Die ironie is dat die ontmaskering vd bedrog (bv deur portuuroorsig) nie evolusie verkeerd bewys nie, maar bloot gevalle buite die "patroon" uithaal en dus eintlik die bewyslas versterk."*

Die bedrog etiket word egter gemaklik gehang oor verskeie handelinge van skeppingsleer organisasies, sonder dat enige bewyse voorgehou word. Mnr Toerien is self skuldig daaraan, soos by verskeie geleenthede hierbo uitgewys.

**110. Bladsy 63**

"Onlangs berig Neels Jackson oor die 150ste bestaansjaar van die Gereformeerde Kerke van SA. In die berig meld hy dat die GKSA nie in evolusie glo nie. Hoewel die sinode anders besluit het, was Jackson waarskynlik ook nie verkeerd nie. Tien teen een het sy Dopperbron hom ook so meegedeel. So ver ek gesien het is hy ook nie reggehelp nie."

Nêrens op die GKSA se webwerf is enige inligting om mnr Toerien se stelling te staaf nie.

**111. Bladsy 63**

"Trouens, binne die GKSA sou 'n mens na aanleiding van die verbaliteit van veral die jong aarde kreasioniste die indruk kry dat enige standpunt naastenby ooreenstemmend met dié van die NG Kerk se amptelike standpunt nie net verkeerd is nie, maar uit die bose. Al het die sinode ook wat gesê...

Dit is nie genotuleer nie. Wat beteken dat dit nie 'n amptelike besluit is nie. As dit nie op skrif geplaas is met amptelike briefhoof nie, bestaan dit nie. Dit is duidelik dat mnr Toerien probeer voorgee dat die meerderheid kerke evolusie voorstaan, om so sy standpunt te versterk. Demokrasie was nog nooit 'n goeie wetenskaplike gereedskapstuk nie.

Hierdie herinner die outeur aan 'n bekende Afrikaanse gesegde wat sy ma vir hom gepreek het toe hy op skool probeer rook het. "As al jou maats in die vuur spring..."

**112. Bladsy 63**
"Velkanker neem toe in Nederland"

Die outeur wil graag weet wat het hierdie hele gedeelte te make met die oorhoofse onderwerp van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie*.

**113. Bladsy 64 tot einde**
"Autism: a cosmic alien visitor?"

Baie interessante stuk. Die outeur het geen probleem hiermee nie. Dit blyk wetenskaplik van aard te wees, met stawing van feite en dies meer. Dit sal ook 'n baie goeie veld wees om nagraadse studie in te doen.

# 3. Gevolgtrekkings

*Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie* is 'n heftige dokument uit die pen van 'n vryskutskrywer, Herman Toerien. Die hoofstuk oor outisme is werklik interessant om te lees en dui op goeie navorsing. Daar is egter verskeie artikels vervat in die bundel wat nie inpas by die oorhoofse tema nie. Ten spyte van die feit dat dit niks te make het met die oorhoofse tema nie, is daar party van die artikels wat tog baie interessant is, soos byvoorbeeld die artikel oor kosmoklimatologie.

Uit die bundel is dit baie duidelik dat mnr Toerien 'n hewige afkeur in die jong aarde skeppingsleer (genoem kreasionisme in sy bundel) en ook die aanhangers daarvan het. Die outeur wil amper so ver gaan om dit 'n haat te noem, maar haat is onchristelik en siende dat mnr Toerien 'n belydende Christen is, sal dit hom nie toegedig word nie, selfs al is dit die ooglopende interpretasie.

Hierdie sterk afkeur beïnvloed egter die skrywes van mnr Toerien. Die bundel is gevul met growwe veralgemenings, duidelike onkunde oor waarin die jong aarde skeppingsleer *eintlik* glo en ook menige aanvalstegnieke wat insluit: *argumentum ad hominem*, strooipoppe en "guilt by cultural association". Dit is nie voor-die-hand-liggend of mnr Toerien se onkunde werklik of kwaadwillig is nie. Indien dit werklike onkunde is moet mens die vraag vra hoekom so 'n bundel uit mnr Toerien se spreekwoordelike pen gevloei het as hy nie weet waarin sy "vyand" glo nie. Daar word plek-plek in die kommentaar gespekuleer of sekere stellings kwaadwillig was of nie, maar ons sal dit daar laat. 'n Mens wil nie goedsmoeds kwaadwilligheid toedig aan iemand wat 'n belydende Christen is nie.

Rakende die growwe veralgemenings in die bundel moet mnr Toerien dalk die raad volg van Aristoteles. In Engels word dit vertaal as "*One swallow does not a summer make.*" Mnr Toerien is lief daarvoor om enkele duidelik oningeligte argumente van aanhangers van die jong aarde skeppingsleer te neem en dit toe te dig aan die hele "beweging". Die outeur wil selfs sover gaan om te sê dat party van mnr Toerien se toedigtings getuig van desperaatheid om die beeld van die jong aarde skeppingsleer, asook aanhangers daarvan skade te berokken. Die kommentaar oor die Anunnaki is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Die outeur is bewus van mnr Toerien se sterk afkeur in die skeppingsleer, maar hy wil tog vir mnr Toerien aanmoedig om die skakels te volg in die kommentaar en agter die kap van die byl te kom rakende dit waarin hoofstroom skeppingsleer organisasies glo. As mens iets wil afmaak as boos, moet mens darem weet *wat* jy afmaak as boos. 'n Laaste gedagte rondom 'n Christen se opinie jeens evolusie. 'n Mens hoef nie te glo in 'n jong aarde om 'n Christen te wees nie, maar 'n mens moet baie seker wees in jou geloof as jy daardie pad wil stap.

Op die onderwerp van skakels. Een van die kritiese, amper fatale, tekortkominge van *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie* is die tekort aan bronverwysings ter stawing van stellings. Daar word baie stellings en beskuldigings gemaak in die bundel met bitter min ter stawing daarvan. As mens die oorspronklike artikels lees op scribd, Woes, posterous, ens. dan blyk dieselfde verskynsel daar ook te wees.

Dit is goed dat mnr Toerien dit duidelik stel dat *"My hoofoogmerk is om aan Christene wat nie (kan) glo die aarde is 6 000 jaar oud nie, die gerusstelling te gee dat daar wel ander Christelike opsies is... die ou aarde kreasionisme en die Deïstiese evolusie."* As dit sekere Christene se geloof sal versterk dan is dit goed so, maar hierdie dokument sal geen persoon wat nie tans die kompromisposisie volg van oortuiging laat verander nie. Die rede hiervoor is dat hy met sy growwe veralgemenings, *ad hominem* aanvalle en ook beledigings eerder aanhangers van die jong aarde skeppingsleer se nekhare sal laat rys. Mnr Toerien skryf dat baie van die deelnemers aan die evolusie debatte (lees: skeppingsleerders) gestroop is van kenmerke van die Christelike liefde. Ironies genoeg is daar geen teken van Christelike liefde wat hy so hoog ag te bespeur in sy kommentaar teen die jong aarde skeppingsleer nie.

Daar is in hierdie kommentaar duidelik gewys dat daar 'n menigte foute en onwaarhede verkondig word in heel party van die onderskeie artikels waaruit die bundel bestaan. Die outeur wil graag vir mnr Toerien versoek om hierdie foute reg te stel in sy skrywes. Enige blog, asook Woes laat outeurs toe om opdaterings te maak. Dis die regte ding om te doen. *Kreasionisme versus evolusie: 'n Saak vir deïstiese evolusie* is nie 'n dokument wat iemand wat verkies om feite te bevestig, sal oortuig daarvan dat deïstiese evolusie die goue middeweg is nie. Inteendeel.

Ten slotte, 'n uitdaging uit die boek *Dismantling the Big Bang – God's universe rediscovered* deur Alex Williams en John Hartnett. Is mnr Toerien, as aanhanger van die deïstiese evolusie, bereid om eendag in die hemel voor God Drie-enig en die 24 ouderlinge en die hemelse skares op te staan en vir God en die skares te sê dat Hy nie alles in ses dae geskape het soos Hy vir ons in Sy woord gesê het nie?